

INLEIDING MET BETREKKING TOT DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

1. GRADE

(i) Eerste grade

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte word graad- en diploma-opleiding verskaf in die meeste basiese universitêre opleidingsrigtings maar ook in enkele meer gespesialiseerde en semi-professionele rigtings.

Allereers word opleiding aangebied vir die „gewone” B.A.-graad (3 jaar), waarvoor 'n groot verskeidenheid van hoof- en byvakkombinasies toegelaat word.

Meer gespesialiseerde grade wat oor vier jaar strek, is die B.Mus., die B.A. (Biblioteekkunde), die B.A. (Verpleegkunde), B.A. (Beplanning), B.A. (Maatskaplike Werk) en B.A. (Perswetenskap).

(ii) Voorbereidende grade

Terwyl die „gewone” B.A.-graad 'n afgeronde geheel is, maar ook toegang kan verleen tot die U.O.D. in die Fakulteit Opvoedkunde en tot die Diploma in Bybelkunde (Fakulteit Teologie), word besondere vakverbindings vereis vir toegang tot die Th.B. (Fakulteit Teologie) en 'n ander vir die LL.B. (Fakulteit Regte).

(iii) Gevorderde grade

In al hierdie rigtings kan die eerste baccalaureusgraad na bepaalde minimum studietydperke en voltooiing van voorgeskrewe kursusse, gevolg word deur 'n honneurs-, meesters- en doktorsgraad (in lg. geval D.Phil. of D.Litt.)

2. DIPLOMAS

Die volgende diplomas word in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied:

Biblioteekkunde:

Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde U.D.B.

Laer Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde .. L.U.D.B.

Musiek:

Diploma vir Kerkkorreliste D.K.O.

Universiteitsdiploma in Musiekvoordrag U.D.M.V.

Bantoeïstiek:

Laer Universiteitsdiploma in Bantoeïstiek L.U.D.Bant.

Universiteitsdiploma in Bantoeïstiek U.D.Bant.

Spraakleer en Drama:

Universiteitsdiploma in Sprakleer en Drama U.D.S.D.

Perswetenskap:

Universiteitsdiploma in Joernalistiek U.D.J.

Maatskaplike Werk:

Diploma in Maatskaplike Werk

3. VAKKE EN KURSUSSE

(i) Tale

- (a) In die groep amptelike tale word die geïntegreerde kursus Afrikaans en Afrikaans-Nederlands naas Engels aangebied. Met die oog op die praktiese taalopleiding word naas Engels I 'n kursus aangebied wat nie toelating tot verdere studie in hierdie vak verleen nie.
- (b) Duits, Frans en Spesiale Italiaans word aangebied as moderne Westerse tale. In die Departement Duits word voorsiening gemaak vir Spesiale Duits ter wille van diegene wat nie Duits op skool gehad het nie.
- (c) In die afdeling klassieke word Grieks en Latyn gedoseer, met 'n universitêre kursus Spesiale Latyn ter wille van diegene wat nie Latyn op skool gehad het nie en dit moet neem vir 'n studie in die regte, teologie, e.d.m.
- (d) Tswana, Noord-Sotho en Zoeloe is die hooftale in die Departement Bantoetale.
- (e) Semitiese tale word meesal deur studente wat in die Teologie wil studeer, gevolg.
- (f) In die gebou vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is daar 'n taallaboratorium met moderne apparaat tot die beskikking van studente.

(g) Onder taalstudies kan Spraak- en Vertolkingskunde as hoof- of byvak en Dramakunde as byvak geneem word.

(ii) Musiek en Kuns

(a) Etlike musiekvakke word in drie voorgeskrewe kombinasies geneem, saam met enkele nie-musiekvakke vir die B.Mus. Sommige hiervan kan ook in 'n gewone B.A.-leergang ingesluit word.

(b) Kunsgeskiedenis is 'n volwaardige driejarige kursus. Vir die afdeling kuns, waarvoor die Universiteit oor waardevolle illustrasiemateriaal beskik, word ruim voorsiening gemaak, o.a. 'n kunstentoonstellingslokaal.

(iii) Wysgerige, sosiale e.a. groepe

Onder hierdie groepering kan hoof- en byvakke soos volg gekies word:

Hoofvakke en byvakke:

Aardrykskunde, Bedryf- en Personeelsielkunde, Bybelkunde, Ekonomie, Geskiedenis, Kultuurkunde, Kunsgeskiedenis, Liggaamlike Opvoedkunde, Logika, Musiekgeskiedenis, Naturelleadministrasie, Privaatreg, Romeinse Reg, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer, Toneelkunde, Volkekunde, Wiskunde, Wysbegeerte.

Aanvullende byvakke:

Antieke Kultuurgeskiedenis, Biblioteekkunde, Ekonomiese Geskiedenis I, Etiek, Fisiologie I (alleenlik wanneer Bedryf- en Personeelsielkunde, Sielkunde, Liggaamlike Opvoedkunde of Verpleegkunde as hoofvak geneem word), Geld- en Bankwese, Harmonie en Kontrapunt, Maatskaplike Werk, Musiekgeskiedenis en -waardering, Naturellereg, Perswetenskap, Regsgeskiedenis, Staatsreg, Stads- en Streeksbeplanning I, Statistiese Metodes, Statistiese Wiskunde,

4. ENKELE VOORVEREISTES EN AANBEVOLE KOMBINASIES

By die beplanning van studiekursusse moet die volgende voorvereistes en oorwegings in ag geneem word.

- (i) Latyn is byvoorbeeld noodsaaklik vir studie in die Regte, en Grieks, Latyn, Semitiese Tale en Wysbegeerte vorm die grootste (verpligte) deel van die voorbereidende (B.A.) studie vir Teologie. Daarby is Latyn ook 'n wenslike byvak by Frans (verplichtend vir nagraadse werk) ander moderne tale en net soos Grieks aan te beveel vir enige ander taalstudie.
- (ii) Duits en Frans is nie alleen wenslik vir enige nagraadse studie nie, maar selfs verplichtend vir B.Mus. en sterk aan te beveel saam met Biblioteekkunde en Perswetenskap en vir enigeen wat in die diplomatieke diens belang stel.
- (iii) Volkekunde en Bantoetale is noodsaaklike byvakke by die

teologiese studie vir kandidate wat in die sending belang stel. Origens kan hulle, net soos Naturelleadministrasie, waardevol wees by die studie van Geskiedenis, Staatsleer, Sosiologie, Perswetenskap e.a.

- (iv) In alle gevalle moet gelet word op 'n organiese en sistematiese samestelling van kursusse, sodat die student met 'n breër basis van ondersteunende kursusse deur die B.A.-graad, die eerste trap tot vakmanskap bereik.

5. ENKELE BEROEPSMOONTLIKHEDE

Afgesien van die algemeen vormende betekenis van die graadstudie en die voorsprong wat dit kandidate bo ongegradueerdes vir haas elke betrekking gee, kan die volgende ook genoem word as enkele besondere moontlikhede.

- (i) Die B.A.-graad met insluiting van „skoolvakke“ lei tot die U.O.D., met die onderwys en al sy vertakings as arbeidsveld. As skoolvakke geld eerstens die landstale, Westerse tale, Klassieke tale, Bantoetale, Aardrykskunde, Biblioteekkunde, Bybelkunde, Geskiedenis, Liggaamlike Opvoedkunde, Musiek, Naturelleadministrasie en Volkekunde (liefs in kombinasie) en Wiskunde. Wenslike wysgeriglewensbeskoulike vakke hierby is Kultuurkunde, Sielkunde, Sosiologie en Wysbegeerte.

- (ii) Die verskillende taalkombinasies open weë na vertalingsafdelings, die diplomatieke diens, perswese en radio.

(veral deur 'n kombinasie van tale, Perswetenskap en Spraakleer en Drama).

(iii) Biblioteekkunde gee toegang tot die uitbreidende Biblioteekwêreld in al sy vertakkinge en vorme en die uitgewersbedryf en boekhandel.

(iv) Graduandi met Perswetenskap in hulle kursus sal moontlik hede vind in die gewone dagblad- en tydskrifpers, die radio, skakelbeamptedienste, reklame e.d.m.

(v) Musiek en kuns

Behalwe onderwys (openbaar en privaat) is hier moontlik hede in instellings soos die S.A.U.K., in die redaksies van groot dagblaaie en tydskrifte e.d.m.

(vi) Bantoetale, Volkekunde, Naturelleadministrasie

Studente met sodanige opleiding is in aanvraag by die Staatsdiens (Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en die Inligtingsdiens), die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, stadsrade, groot werkgewers met baie Bantoes in diens. Gekombineer met Frans en/of Duits is dit 'n aanbeveling vir die Diplomatieke Diens; met Perswetenskap vir Inligting, die joernalistiek en die S.A.U.K. (Radio-Bantoe). Ook by die etnologiese afdelings van openbare musea is plek vir Volkekundig geskooldes.

1. INHOUD

Hierdie vak is basies, daarin dat dit hom toelê op die wonders van die taal, insonderheid die moedertaal van die meeste van ons studente, Afrikaans, en die moedertaal van Afrikaans, nl. Nederlands.

Waar die leerling vandag op skool geleer word om die taal te gebruik en reeds in die wetenskaplike bestudering ingelei word, is die doel op universiteit om dieper delfvlakke te ontgin:

wat is taal?

waar kom Afrikaans vandaan?

hoe en op watter maniere is dit aan ander tale verwant?

wat is die wesenlike van hierdie moedertaal?

oor watter middele beskik die mens in sy taal, en hoe word hulle aangewend?

watter verskynsels kom in die taal voor?

Wat is letterkunde? Hoe het die Nederlandse en Afrikaanse letterkunde ontwikkel? Wie is die belangrikste figure in die twee letterkundes (van die Middeleeue af tot vandag)? Waarom is hulle belangrik? Wat is die verdienstes en gebreke van hulle kuns en waarom?

Beklemtoning verdien hier dat dit wetenskaplike werk is, wat altyd na die waarom vra.

2. VOORGRAADS

2.1 Hoofvakke

Vakke waarmee dit die beste saamhang, is natuurlik ander moderne Europese tale, soos Engels, Duits, Frans, maar ook Latyn en selfs Grieks; ook Bantoetale.

Taal is 'n universeel menslike verskynsel; die insig in die verwantskappe en ooreenkomste in verskynsels en vorme is belangrik; daar is korrelasie en samehang tussen die letterkundes, en dit verbreed en verdiep die insig. Daarom is ook Kunsgeskiedenis en -waardering 'n waardevolle tweede hoofvak, of Spraak- en Vertolkingskunde, of Dramakunde. Maar omdat taal en volk nou saamhang en albei in die tyd ontwikkel en verander, is Geskiedenis of Volkekunde ook hoofvakke wat goed met Afrikaans-Nederlands saamgaan.

2.2 Byvakke

Daar is geen verpligte byvakke nie, maar kennis op matiekvlak van Latyn word aanbeveel en Duits is baie waardevol, omdat kennis hiervan lig op taalverskynsels werp.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Daar is geen besondere skoolopleidingsvereistes nie.

2.4 Beroepe

Die vak is natuurlik nie professioneel gerig nie, maar dit lei tog tot mooi en goeie beroepe. In die eerste plek is die geestelike en kulturele vorming van onskatbare waarde, want die letterkunde is 'n besonder toeganklike skat van skoonheid, maar ook van wysheid, en diepere kennis van die taal onthul onvermoede wonders.

Dit lei as skoolvak vir aanstaande onderwysers tot 'n sekere pos - alle leerlinge moet die moedertaal as vak neem. Saam met Engels/Frans/Duits lei dit tot beroepe soos die uitsaaiwese, vertaler, diplomatieke diens, en met Perswetenskap, tot die joernalistiek.

3. NAGRAADS (Honns. B.A., M.A. en D.Litt.)

3.1 Inhoud

Vir die honneursgraad word terreine uit die letterkunde en taalkunde bestudeer. Vir die M.A.-graad word verdere terreine gekies en moet 'n verhandeling oor 'n onderwerp van beperkte omvang uit die vakgebied geskryf word. Laasgenoemde het ten doel om te bewys dat die student selfstandig kan studeer. Dit is ook moontlik om die M.A.-graad onmiddellik na die verkryging van die B.A. te verwerf deur 'n studie van die bg. terreine en die skryf van 'n verhandeling.

Soos reeds in die voorgraadse werk, beroem die Departement hom daarop dat daar 'n unieke taalbeskouing uitgebou

word, nl. die funksionele, soos dit hier genoem word. In die letterkunde word veral op struktuuranalise toegespits, en daarom is die nagraadse kursus, Literatuurteorie, sō gesog dat omtrent alle nagraadse studente dit vrywillig loop en dat 'n hele aantal dit uit belangstelling bywōon. Hier word naamlik ingegaan op die middele waarmee die kunstenaar in die verskillende letterkundige kunsoorte werk.

3.2 Byvakke

Navorsing in hierdie vak is van belang omdat dit om die moedertaal gaan - die letterkunde in die moedertaal, Afrikaans, en in Nederlands asook in die taal self.

Vir die meestersgraad word, benewens die vraestelle, ook 'n kort verhandeling vereis waarin die student blyk moet lewer van sy vermoë om oor 'n afgebakende onderwerp 'n sistematiese samevatting van gegewens te maak.

In die nagraadse studie kan die hoofklem ōf op die letterkunde ōf op die taalkunde val, of dit kan gelykelyk op altwee die rigtings val.

Vir die doktorstudie word kennis van Frans of Duits vereis.

3.3 Beroepe

Die nagraadse studie - honneurs-, meesters- en dok-

torstudie - open nie juis nuwe werkseleenthede nie, behalwe dat die doktorsgraad maklik tot benoeming aan 'n universiteit lei - doktore in hierdie vak is nie volop nie. Die grootste waarde daarvan is die voordeel wat verdieping bring: beter insigte in probleme, grondiger kennis van die eie vak, groter tevredenheid in die werk wat 'n mens reeds doen.

Ons beklemtoon graag ten slotte dat hierdie Departement hom in die besonder daarop toelê om aan studente wat in die vak belang stel en bereid is om ernstig te studeer, iets werklik blywends te bied.

4. AFRIKAANS

Daar word ook 'n kursus AFRIKAANS aangebied vir studente wat 'n kursus net in Afrikaans wil of moet neem. Dis 'n eenjarige kursus waarin Afrikaanse letterkunde en taalkunde behandel word en waarin meer aandag aan die taalgebruik gegee word as in die kursus Afrikaans-Nederlands I.

In die letterkunde word die hele Afrikaanse letterkunde behandel, terwyl op enkele belangrike glanspunte daarin nader ingegaan word. Die taalkunde behandel die herkoms van Afrikaans, sy klank-, woord- en sinsboustelsel.

Studente wat die B.Comm-, Regte-, Maatskaplike Werkers- en musiekkursusse loop, word aangeraai om hierdie eenjarige kursus te neem. Hulle moet net daarop let dat dit nie tot 'n verdere kursus toegang verleen nie. Ook moet daarop gelet word dat dit nie 'n „praktiese" kursus is nie.

BANTOETALE

1. INHOUD

Die Bantoetale Zoeloe, Tswana en Noord-Sotho tesame met inleidings tot hulle sustertale, word gedoseer. Saam met Zoeloe as hooftaal word dus ook 'n inleiding tot Xhosa en Swasi en saam met Tswana weer 'n inleiding tot Noord-Sotho en Suid-Sotho gedoseer. Hierdie tale word deur verreweg die grootste gedeelte van die Bantoebevolking van die Republiek gebruik.

Die eerstejaarskursusse in Bantoetale word op so 'n wyse aangebied dat ook studente wat geen kennis van 'n Bantoetaal besit nie, die kursusse met gemak kan volg.

Die algemene inhoud van die leerplan bestaan uit praktiese (mondelinge) werk in die taal. Dit stel studente in staat om 'n goeie en nuttige praktiese kennis op te doen van die taal wat hulle kies. Akademiese werk behels 'n studie van die grammatika en sinsbou van die tale.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Hoofvakke

Dit is wenslik dat twee Bantoetale as hoofvakke geneem word, maar Volkekunde, Naturelleadministrasie, 'n regs-kursus, en ook enige ander taalkursus soos Afrikaans-Nederlands of Engels, kan geneem word.

2.2 Byvakke

Indien nie as hoofvakke nie, kan die volgende vakke as byvakke geneem word:

enige taalkursus of 'n regskursus;
Volkekunde of Naturelleadministrasie of albei;
vakke soos Sielkunde of Liggaamlike Opvoedkunde.

2.3 Skoolvereistes

Kennis van 'n Bantoetaal op matrikulasie- of laer peil word nie vereis nie, maar kom goed te pas.

2.4 Aanleg

'n Student wat algemene taalaanleg besit, behoort 'n sukses van Bantoetaalstudie te maak.

2.5 Beroepe

Vir studente wat Bantoetale as vakke vir die B.A.-graad geneem het, is daar 'n goeie toekoms in die vooruitsig. Die volgende instansies bied goeie werkgeleenthede:

die verskillende onderwysdepartemente;
stadsrade (afdelings Nie-Blanke Sake);
Die Staatsdiens : Departement van Inligting, Bantoe-
onderwys, Bantoe-administrasie en - ontwikkeling,
Justisie ens.;

Die S.A.U.K.;
Die mynbedryf;
private ondernemings, soos bv. advertensiemaatskappye
en fabrieke met baie Bantoewerknemers in hulle diens;
die Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede;
die Suid-Afrikaanse Spoorweë.

3. NAGRAADSE STUDIE (Honns. B.A., M.A. en D.Litt.)

Die nagraadse kursusse behels 'n grondige studie van die fonologie, morfologie en sinsleer van die gekose hoofvak(ke). Daar word ook vergelykende studies met betrekking tot die ander Bantoetale sowel as nie-Bantoetale gedoen.

Die taalwetenskap verteenwoordig een van die uitgebreidste studierigtings, en daar bestaan veral in die Bantoetale groot geleenthede vir navorsing. As gevolg van 'n tekort aan opgeleide Bantoetaalkundiges bestaan daar nog baie ruimte en uitstekende geleenthede vir navorsing. Navorsing is veral in die Bantoetale baie belangrik; daarom word daar dialekstudies (veldwerk) onderneem om onbekende tale en dialekte te boek te stel. So is daar in die afgelope tyd studies gemaak van Songa, Kgalagadi, Birwa en Konde. Daar is ook studies gemaak van die letterkunde van sommige tale.

Die navorsingswerk soos hierbo uiteengesit is groten-deels afhanklik van nagraadse studente, d.w.s. Honns.B.A. en M.A. Die Departement Bantoetale beskik oor goeie toerusting, soos 'n geskikte voertuig, bandopnemers en 'n taalwerkkamer om sulke studieprojekte te onderneem. 'n Taallaboratorium met moderne elektroniese toerusting is ook tot beskikking van studente.

BEPLANNING

1. INHOUD

Beplanning is 'n lewenshouding eerder as 'n enkele vak: dit streef die optimale benutting van natuurlike hulpbronne en die beskikbare ruimte na, en dit het dus essensieel te doen met die mens, sy woonplek en sy bedrywighede, d.w.s. die terrein van die sosiologie, die geografie en die ekonomie. Maar waar hierdie dissiplines elkeen in sy eie rigting spesialiseer, probeer beplanning al die rigtings sintetiseer om tot 'n globale siening te geraak en om daaruit 'n optimale ruimtelike patroon voort te bring.

Die oogmerk is om die menslike bedrywighede, die plekke waar sodanige bedrywighede plaasvind, die kommunikasie tussen die verskillende plekke en die kanale waarlangs die kommunikasie geskied, sodanig in die ruimte te rangskik dat die mens 'n volle lewe kan geniet.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

Die Potchefstroomse Universiteit is een van die min universiteite in Suid-Afrika wat beplanningsopleiding op voorgraadse vlak aanbied. Die kursus is uitgewerk in medewerking met die Departement van Beplanning en die opleiding geskied in noue samewerking met hierdie Staatsdepartement.

Die opleiding duur vier jaar, en dit loop uit op die graad B.A.(Beplanning).

2.1 Hoofvakke

Daar is twee vierjarige hoofvakke, naamlik Streekbeplanning en Stadsbeplanning. In die derde studiejaar word óf Ekonomie óf Geografie óf Sosiologie op derdejaarsvlak afgeskryf.

2.2 Byvakke

Omdat beplanningsopleiding doelgerig is, is daar geen keuse van byvakke nie. Alle beplanningstudente neem die volgende vakke tot op gemelde vlak as byvakke:

Geografie II, Ekonomie II, Sosiologie II, Statistiese Metodes, Ingenieurswese vir beplanners, Argitektoniese tekeninge, Suid-Afrikaanse administratiewe en beplanningswetgewing en Streekontledingsmetodes.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Enige student wat die matrikulasie-eksamen met universiteitstoelating geslaag het met Wiskunde as vak, kan inskryf vir die beplanningskursus.

2.4 Aanleg

Beplanning het primêr te doen met die mens, sy omgewing en sy bedrywighede. Persone wat belangstelling het vir mense, wat liefde het vir die natuur, wat hou van 'n buiteluglewe, en wat beskik oor 'n analitiese vermoë, maar wat ook die verskeidenheid globaal kan sien, sal tuis voel in hierdie rigting.

Hoewel die vereiste tekentegnieke elementêr is en deur enigiemand met behulp van laboratoriumapparaat gedoen kan word, bied die ontwerp-aspekte van beplanning besondere ruimte aan die persoon met aanleg vir tekenwerk om van gewone planne kunswerke te maak.

2.5 Beurse

Benewens die gewone beurse wat vir studente beskikbaar is, word Staatsdiensbeurse beskikbaar gestel aan belowende studente met dien verstande dat sodanige beurshouers diens in die Staatsdiens sal aanvaar.

2.6 Beroepe

Studente wat 'n beplanningskursus met sukses afgelê het, kan as beplanners betrekkings kry in verskillende Staatsdepartemente (Beplanning, Gemeenskapsbou, Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ens.), by die provinsiale administrasies, by die groter stadsrade en by verskeie private firmas wat beplanningswerk onderneem.

'n Onderzoek van die Buro vir Sosiale Navorsing het onlangs tot die slotsom geraak dat daar tot 1980 en daarna weinig hoop bestaan dat met die beskikbare opleidingsgeriewe voorsien sal kan word in die vraag na beplanners.

3. NAGRAADSE STUDIE

Studente wat die graad B.A.(Beplanning) verwerf het,

kan inskryf vir die graad M.A.(Beplanning), waartydens gespesialiseer word in òf streekbeplanning òf stadsbeplanning.

Die eksamen vir hierdie graad bestaan uit vier teorievraestelle en 'n verhandeling.

Voorsiening is ook gemaak vir verdere studie wat lei na die verkryging van die graad D.Phil.

BIBLIOTEEKKUNDE

(a) STUDIETERREIN

Ons raak al meer bewus van die noodsaaklikheid van goeie biblioteke en biblioteekdienste. Dit is onontbeerlik vir studie en navorsing (wetenskaplike biblioteke, bv. kollege-, universiteits- en spesiale biblioteke) en vir die belangrike saak van volksopvoeding (openbare biblioteke).

Om doeltreffende biblioteekdiens te kan lewer moet by die opleiding van bibliotekarisse o.m. aan die volgende sake aandag geskenk word:

- (i) Die teoretiese grondslae van die biblioteekdiens; doel en taak van die verskillende biblioteektipes; die gebruiker en sy behoeftes; beginsels van keuring van biblioteekmateriaal, die probleem van sensuur e.s.m.
- (ii) Katalografie: Die opstel van die biblioteekkatalogus as sleutel tot die inhoud van die biblioteek en die ordening of klassifisering van die voorraad ooreenkomstig die een of ander stelsel van klassifikasie van die wetenskap.
- (iii) Dokumentasie: Die verskaffing van inligting deur middel van verskillende tipes naslaanwerke e.a. hulpmiddels - 'n uiters belangrike saak as gevolg van die geweldige vloed publikasies op bykans alle terreine van die kennis. In dié verband word kennis van meganisasie-

stelsels, elektroniese berekenaars ens. noodsaaklik.

- (iv) Biblioteekorganisasie en -beheer: Kennis van die beginsels en funksies van organisasie en administrasie soos in die bedryfsleer vasgestel en die toepassing daarvan op die biblioteek.

- (v) Geskiedenis van die skrif, die „boek" en die biblioteek.

(b) VOORGRAADS EN NAGRAADS

1. Kursusse aangebied

- (i) Laer Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde (L.U.D.B.) -

'n tweejarige kursus na matrikulasie:

1ste jaar : Afrikaans-Nederlands I, Engels I en drie ander vakke.

2de jaar : Professionele opleiding.

Hierdie kursus berei persone voor vir laer professionele betrekkings in groter biblioteke en ook vir hoër betrekkings aan kleiner biblioteke.

- (ii) Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde (U.D.B.) -

'n eenjarige, professionele kursus wat gevolg word deur persone wat reeds 'n baccalaureusgraad verwerf het (B.A., B.Sc., B.Comm, B.Mus. ens.)

Persone met hierdie diploma word benoem in senior professionele betrekkings in biblioteke en, na die nodige ervaring,

as hoofde van biblioteke.

- (iii) B.A.(Biblioteekkunde) - hierdie vierjarige graadkursus berei ook persone voor vir hoër professionele betrekkings in biblioteke en staan in alle opsigte gelyk aan 'n bacca-laureusgraad plus die U.D.B.

Die leergang sluit in Biblioteekkunde I tot IV en die vereiste aantal kursusse as hoofvakke vir 'n B.A.-graad in nog twee ander vakke. Die leergang bevat altesaam 15 kursusse.

- (iv) Honns. B.A. - kandidate wat in besit is van die U.D.B. of die graad B.A.(Bibl.), bestudeer vier biblioteekkundige onderwerpe soos deur die regulasie voorgeskryf. Dit vereis 'n meer intensiewe studie van bepaalde terreine van die vak.
- (v) M.A. - persone wat in besit is van die Honns. B.A. (Bibl.)-graad, kan vir hierdie graad inskryf. Benewens 'n verhandeling moet kandidate een vraestel aflê.
- (vi) D.Phil. - die verwerwing van die doktorsgraad vereis die inlewering van 'n proefskrif wat op oorspronklike navorsing berus.

Die vooruitsigte van persone wat die Honns. B.A. of die M.A.-graad verwerf het, is baie gunstig om benoemings in senior betrekkings in groot biblioteke te kry of om as hoofde van sodanige biblioteke benoem te word. Vir benoeming as hoof van 'n groot biblioteek word besit van 'n doktorsgraad steeds

meer noodsaaklik.

(c) ERKENNING VAN P.U.-KURSUSSE

Die L.U.D.B. en die U.D.B. voldoen aan die vereistes van die S.A. Biblioteekvereniging vir laer en vir hoër professionele opleiding onderskeidelik.

(d) BYVAKVEREISTES

Kragtens die aard van biblioteekwerk is agtergrondskennis van bykans ensiklopediese aard die ideaal vir die bibliotekaris. Daarom is dit nuttig as so 'n groot verskeidenheid studiekursusse moontlik in leergange ingesluit kan word. Dit geld veral vir persone wat in die universiteitsbiblioteekwese geïnteresseerd is. Vir die openbare biblioteke is kennis van die letterkunde en van die sosiale wetenskappe besonder waardevol. Ook vir die enger vakdeskundige, en veral t.o.v. die natuurwetenskappe, is daar sterk aanvraag in die groot aantal gespesialiseerde vakbiblioteke.

(e) WERKGELEENTHEDE

Die ontluikende besef van die waarde en die onontbeerlikheid van doeltreffende biblioteke en biblioteekdienste bring mee 'n byna rewolusionêre ontwikkeling van die biblioteke in die Republiek. Hierdie ontwikkelinge skep 'n bykans onversadigbare behoefte aan opgeleide bibliotekarisse - dames sowel as mans. Daar is veral 'n groot gebrek aan bekwame mans vir gevorderde betrekkings.

(f) SALARISSKALE

Aangesien biblioteekowerhede elk sy eie salarisskale vir sy biblioteekpersoneel vasstel, is daar 'n groot verskeidenheid in die salariëring van bibliotekaris. In die algemeen kan gestel word dat biblioteeksalarisse min of meer ooreenstem met dié van die onderwys. As aanduiding van redelik gemiddelde salarisse vir bibliotekaris volg hier die skale van die P.U. vir C.H.O.:

<u>Diploma of graad</u>	<u>Betrekking</u>	<u>Salarisskaal</u>
L.U.D.B.	Biblioteekassistent	M R2400x120-3600x150-4050 V R2040 x 120 - 3360
U.D.B. en B.A. Biblioteekkunde	Assistent-bibliotekaris	M R3000x120-3600x150-5100 V R2760x120-3060x150-4050
do + ervaring	Bibliotekaris	M R4200x150-4800x300-6000 V R3900x150-4800x300-5400
do + ervaring	Onderuniversiteitsbibliotekaris	M R5400 x 300 - 7200 V R5100 x 300 - 6600
do + ervaring	Adjunk-Universiteits bibliotekaris	M R6000 x 300 - 8100

BYBELKUNDE

1. INHOUD

Bybelkunde is die wetenskaplike studie van die Bybel deur middel van 'n hele aantal teologiese dissiplines. Met Bybelkunde het die deure na die wêreld van die Teologie oopgegaan ook vir diegene wat nie die loopbaan van predikant wil volg nie. Vir elkeen, ook vir dames, word die geleentheid gebied om op wetenskaplike wyse kennis te neem van 'n groot aantal teologiese dissiplines of vakke wat die Bybel in 'n nuwe lig te staan bring.

Die basiese dissiplines is die Openbaringsgeskiedenis van Ou en Nuwe Testament en daaromheen word 'n groot aantal ander dissiplines aangebied.

- * Algemene Kanoniek wat vra na die ontstaan van die Bybel, die versameling van die boeke, die afsluiting van die kanon en die erkenning daarvan deur die kerk.
- * Tekskritiek wat handel oor allerlei interessante probleme rondom die teks, veral die probleem om so na as moontlik aan die oorspronklike teks te kom omdat daar geen enkele gedeelte van ons Bybel in sy heel oorspronklike vorm nog gevind is nie.
- * Kultuur-historiese agtergrond van die Ou en Nuwe Testament, wat 'n hele groot wêreld van die oudheid, waarin die Bybel ontstaan het, voor ons laat oopgaan en wat verrassende lig

werp op ons verstaan van die Bybel.

- * Bybelse Aardrykskunde en Oudheidkunde wat die Heilige Land met sy inwoners, sy gewoontes en gebruike, sowel as ander Bybelse lande aan ons verduidelik.
- * Geloofsleer wat die dogmatiese of leerstellingsinhoud van die Bybel wetenskaplik en sistematies aanbied.
- * Etiek wat 'n uitbouing is van die Sedeleer soos die Skrif ons dit laat sien.
- * Kerkgeskiedenis wat die geskiedenis van die Kerk van die vroegste eeue tot vandag beskrywe.

Uit hierdie kort oorsig oor die terrein van die vak Bybelkunde, is dit duidelik dat ons hier nie maar te doen het met Bybelkennis of Bybelstudie nie. Kennis van die feitelike inhoud van die Bybel word eintlik by die student veronderstel. In die eerste jaar word hoogstens een semester gedeeltelik daaraan bestee.

Vanselfsprekend word die hele vak Bybelkunde met al sy dissiplines aan hierdie Christelike Universiteit behartig vanuit die standpunt dat die Bybel die Woord van God is. Daar word op wetenskaplike wyse wel kennis geneem van ander standpunte, maar dit word weerlê waar nodig.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Hoofvakkombinasies

Bybelkunde word in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied as hoofvak vir die B.A.-graad. Enige ander B.A.-vak kan as tweede hoofvak geneem word. 'n Tweede hoofvak uit die Fakulteit Natuurwetenskappe is selfs nie uitgesluit nie.

2.2 Byvakke

Vir aanvullende byvakke by Bybelkunde is daar 'n ruime keuse. Indien nagraadse studie in Bybelkunde oorweeg word, is Grieks en Hebreeus en een kursus in Wysbegeerte 'n aanbeveling. Vir die B.A.-graad in Bybelkunde is dit egter geen verpligting nie.

2.3 Skoolopleidingsvereistes en aanleg

Daar is geen besondere skoolopleidingsvereistes nie, maar belangstelling in onderwerpe soos geskiedenis, oudheidkunde en aardrykskunde is van belang.

2.4 Beurse

Hoewel daar nie beurse is wat spesifiek net vir studie in Bybelkunde toegeken word nie, is daar 'n groot verskeidenheid beurse en ook lenings vir studie in enige rigting. Veral van belang hier, is die onderwysbeurse wat toegeken word. Raadpleeg die Universiteit se brosjures oor beurse en lenings.

2.5 Beroepe

Opleiding in Bybelkunde is noodsaaklik vir enige onderwyser wat verantwoordelik is vir Godsdiensonderrig op die Laer en Middelbare Skool. 'n B.A.-graad of diploma in Bybelkunde is onontbeerlik vir enige onderwyser wat die vak Bybelkunde in Std. IX en X behartig. In Transvaal en Kaapland is Bybelkunde reeds 'n erkende keusevak vir die matrikulasie-eksamen. Die vraag na sulke onderwysers is besonder groot vanweë die feit dat dit 'n nuwe vak is op middelbare skoolvlak.

3. NAGRAADSE STUDIE

3.1 Diploma

Die diploma in Bybelkunde is 'n tweejarige kursus wat op deeltydse basis aangebied word. Die klasse word op 'n aantal Saterdag gegee en korreleer met dié van B.Ed. Enige persoon in besit van 'n B.-graad of 'n onderwysdiploma, kwalifiseer vir die kursus. Die kursus word deur die Transvaalse Onderwysdepartement erken as 'n addisionele kwalifikasie met die oog op salarisverhoging.

3.2 Honneurs

'n Honneurskursus in Bybelkunde word aangebied wat een jaar duur indien dit voltyds en twee jaar indien dit op deeltydse basis geneem word. Die Honneurs B.A.-graad in Bybelkunde word nie toegeken alvorens die kandidaat Grieks I en Hebreeus I

geslaag het nie. Latyn en Wysbegeerte is 'n aanbeveling.

3.3 Magister

Die meestersgraad in Bybelkunde kan ook by hierdie Universiteit verwerf word.

DUIITS

1. INHOUD

Vir ons as Westers georiënteerde nasie is die studie van die Duitse taal en lettere van groot belang. Duits word deur 80-miljoen mense gepraat en word langs Engels, Frans en Spaans as een van die groot Westerse kultuurtale beskou.

As verkeerstaal vir Middel- en Noord-Europa speel dit 'n groot rol, en as taal van die wetenskap word dit in die hele wêreld hoog geag. Duitse geleerdes is by uitstek leerboekskrywers. Jaarliks verskyn belangrike handboeke en tydskrifte wat as bronne vir die gevorderde student onmisbaar is en alleen toeganklik is as 'n goeie kennis van Duits vroegtydig verwerf word. „Met elke nuwe taal wat 'n mens aanleer, word hy herbore, kry hy 'n nuwe gees" - so het iemand dit gestel.

In die eerste jaar word 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van letterkunde van die Middeleeue tot vandag toe. In die tweede en derde jaar word breër ingegaan op die belangrikste letterkundige periodes. Saam met die geskiedenis van die letterkunde word 'n studie gemaak van voorgeskrewe werke van die beste digters en skrywers. Daarbenewens word ook 'n oorsig gegee van die taalgeskiedenis, en taalgebruik word verbeter.

Selfs vir die student wat Duits nie as 'n hoofvak neem nie, is 'n een- of tweejarige studie van groot belang vir sy algemene geestelike ontwikkeling.

2. VOORGRAADSE STUDIE.

2.1 Hoofvakke en byvakke

As Duits as hoofvak geneem word, moet dit liefste gekombineer word met 'n ander Westerse taal soos Afrikaans-Nederlands, Engels of Frans, of met vakke soos Kunsgeskiedenis en -waardering, Geskiedenis of 'n klassieke taal.

2.2 Skoolopleidingsvereistes

Duits as vak vir matriek is 'n voorvereiste. Sonder hierdie voorbereiding moet studente eers die kursus Duits Spesiaal neem, wat 'n lees kennis van die taal gee. Hierdie kursus kan sterk aanbeveel word as 'n byvak vir alle studierigtings.

2.3 Aanleg

Leerlinge wat op skool swak in die landstale vaar, word afgeraai om Duits as hoofvak te neem.

2.4 Beroepe

Duits as hoofvak berei hoofsaaklik voor vir die onderwysberoep, vir die diplomatieke diens, inligtingsdiens en taalburo. Kennis van Duits is ook van belang vir die joernalistiek, biblioteekwese, handelswêreld en musiekwetenskap.

2.5 Die „Deutscher Akademischer Austauschdienst" bied gereeld beurse aan vir nagraadse studie in Duitsland. Besonder-

hede oor 'n groot aantal ander beurse word verstrekkend in die beursbrosjures van die Universiteit.

3. NAGRAADSE STUDIE (Honours. B.A., M.A. en D.Litt.)

Slegs deur verdere toegewyde studie kan 'n student 'n meester in die taal word. Eers met die honneursgraad kan daar sprake wees van 'n mate van eie oorspronklike ondersoek van sekere tydperke, genres of spesifieke digters volgens sy persoonlike aanleg en belangstelling.

Vir die honneursgraad word 4 vraestelle geskryf, wat vasgestel word in oorleg met die dosent en waarby die student 'n ruim keuse het.

Studie vir die meestersgraad bring verdere spesialisasie en verdieping mee. 'n Verhandelings, wat 'n vereiste is, moet getuig dat die kandidaat een of ander aspek van die letterkunde of taalkunde selfstandig kan ondersoek. In die nagraadse studie ontdek die student sy eie potensialiteite. Sy talente kom tot volle ontplooiing. Hy ontdek 'n nuwe wêreld, en die begeerte ontstaan om homself daarin meer en meer tuis te maak.

ENGLISH

1. NATURE AND SCOPE OF COURSES

The Department of English offers the following courses:

- 1.1 English IA (Special English) for B.Com. and U.L.E.D. students. This is not a degree course and is aimed primarily at improving the student's command of spoken and written English.
- 1.2 English IB (Practical English): This is a degree course, but does not entitle the student to proceed to English II. Although some provision is made for the study of literature, the emphasis is mainly on the practical command of the language. Special attention is paid to the difficulties of Afrikaans-speaking students, and practice in the oral use of the language is provided both in the language laboratory and during tutorials. Extensive reading of a general nature is one of the features of the course.
- 1.3 English I, II and III: These are the standard courses in English Language and Literature. The accent is on the close reading of a representative selection of poems, plays and novels with a view to the development of literary taste. On the language side, a study is made of the history and development of English, and students are introduced to modern (synchronic) linguistics.

2. FIRST DEGREE

2.1 There are no compulsory supporting courses for English, but a student who wishes to major in English would be well advised to include at least two further language courses in his curriculum.

2.2 Students from Afrikaans-medium schools who gain less than 60 per cent in English in the matriculation examination are generally advised to take English IB rather than English I.

2.3 English is one of the basic courses for the B.A. degree. Like Afrikaans, it is an asset in any career, although the main purpose of the course is not so much utilitarian as cultural. There is a pressing shortage of teachers of English in South Africa and throughout the world, particularly in view of the increasing demand for teachers of English as a second or foreign language. Graduates from this University have been particularly prominent in the teaching of English to South Africans whose home-language is not English, and have served the various Departments of Education as specialists in this field.

3. POST-GRADUATE COURSES

3.1 The Honours course is available to both full-time and part-time students. It provides for a more intensive study of certain aspects of English literature and of diachronic and synchronic linguistics. The examination consists of five three-hour papers, one of which is on linguistics.

3.2 Prospective students are requested to arrange for an interview with the Head of the Department to discuss with him the advisability of their entering upon this course of study.

3.3 Most of the students who have recently been taking the course have been senior teachers of English and lecturers at colleges of education.

3.4 Requirements for M.A.

One paper and a dissertation on a literary or linguistic subject or three papers.

3.5 D.Litt.

A thesis on a literary linguistic subject.

FRANS

1. INHOUD

Frans is 'n driejarige vak en kan as hoofvak vir die B.A.-graad geneem word. Die studie kan tot die doktorsgraad deurgevoer word.

Die vak Frans behels die bestudering van die Franse grammatika, uitspraak, taalgeskiedenis en literatuurgeskiedenis van die begin af tot vandag.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Hoofvakke en byvakke

Vir die bestudering van Frans nā die B.A.-graad, is Latyn I 'n voorvereiste. Latyn is dan ook 'n ideale kombinasievak vir Frans. Ander vakke wat baie goed met Frans gekombineer kan word, is Afrikaans-Nederlands, Engels en Duits, ook 'n vak soos Kunsgeskiedenis en -waardering, waarin dieselfde groot kultuurstrominge ter sprake kom as in Frans, t.w. die Middeleeue, Renaissance, Romantiek en die moderne tyd.

Veral die Franse literatuur van die 19de eeu het alle moderne Westerse literature ingrypend beïnvloed. Die Duitse, Engelse, Amerikaanse, Nederlandse, Skandinawiese en selfs Afrikaanse letterkunde van ons eeu is almal baie duidelik gestimuleer deur die Franse letterkunde. Ook tussen die 20ste eeuse skilderen en beeldhoukuns aan die een kant en die Franse letterkunde aan

die ander kant is daar 'n intieme verwantskap; eintlik begin hierdie verwantskap al in die 19de eeu.

Om toegang tot die internasionale politieke terrein te hê en die diplomاسie, sal Staatsleer 'n goeie keuse wees saam met Frans.

Verder is Musiekgeskiedenis en -waardering miskien 'n goeie kombinasievak met Frans. Frans word trouens sterk aanbeveel vir B.Mus.- en P.U.L.M.-studente asook vir studente vir die B.A.-graad in Biblioteekkunde.

2.2 Skoolopleidingsvereistes

Studente wat Frans aan die P.U. vir C.H.O. wil loop, hoef geen Frans op skool te gehad het nie. In Frans I word begin met die aanleer van die Franse taal (grammatika en uitspraak). Ruim 98% van die studente wat Frans aan Universiteit loop, het geen Frans op skool gehad nie.

2.3 Beroepe

Kennis van Frans is van onskatbare waarde vir alle wetenskappe waarvan die belangrikste bronne in Frans geskryf is. Selfs B.Sc.- en B.Comm.-studente loop daarom soms Frans. So is dit ook bekend dat baie belangrike bronne vir die Filosofie oorspronklik in Frans geskryf is. Vir B.Mus.-studente, vir studente in die Biblioteekkunde, vir diegene wat tot die joernalistiek of diplomatieke diens wil toetree, is die kennis van

Frans van uitsonderlike waarde. Verder verleen dit ook toegang tot die onderwys en uitsaaidiens.

Suid-Afrikaners is betreklik arm aan talekennis, in vergelyking met die Europeër. Vandag word die waarde van Frans egter al meer besef, en aan die P.U. vir C.H.O. geniet hierdie vak 'n steeds toenemende populariteit.

Die vak word aangebied deur dosente wat hulle opleiding in Franssprekende Europese lande geniet het.

GEOGRAFIE

1. INHOUD

Die studie van Geografie onder die fakulteit van Lettere en Wysbegeerte lê in hoofsaak klem op die studie van die mens in die omgewing waarin hy lewe en word dit dan dikwels ook menslike geografie genoem. Hieruit moet nie afgelei word dat die fisiese geografie nie bestudeer word nie. Dit is noodsaaklik dat die fisiese geografie bestudeer word om die verhouding tussen die mens en die bodem te verstaan, en aan te toon. Die studie van die menslike geografie is egter die belangrike toespitsing van die studie sonder om die eenheid van die vak te verbreek.

Die verskillende aspekte van die Geografie wat oor 'n tydperk van drie jaar bestudeer word, is:

- regionale en ekonomiese geografie;
- stads- en politieke geografie;
- klimatologie en meteorologie;
- kartografie en lugfotovertolking;
- geomorfologie en hidrografie.

Al hierdie afdelings vorm saam 'n geheel wat die woonplek van die mens (die bodem) en sy aktiwiteite insluit. Hierdie geheeloorsig vorm dan Geografie.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Hoofvakkombinasies

As tweede hoofvak mag o.a. een van die volgende vakke

gevolg word:

Afrikaans-Nederlands, Bantoetale, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Kunstgeskiedenis, Liggaamlike Opvoedkunde, Naturelleadministrasie, Sielkunde, Sosiologie, Staatsleer en Volkekunde.

2.2 Verpligte byvakke

Minstens een kursus in een van die volgende moet geneem word: Ekonomie, Sosiologie, Geskiedenis, Volkekunde.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Dit is nie verpligtend dat 'n student Aardrykskunde in sy skoolloopbaan geneem het nie, omdat die eerstejaarskursus 'n oriënteringskursus vir die vak is. Dit is egter voordelig indien die vak wel op skool geneem is.

2.4 Aanleg

'n Wye belangstelling, 'n goeie waarnemingsvermoë en 'n liefde vir reis sal deur die vak se wye veld gestimuleer en ontwikkel word om die werklike waarde daaruit te kry en die vak-kennis doeltreffend toe te pas.

2.5 Beroepe

Geografie as hoofvak lei tot beroepe in die onderwys, staatsdiens, munisipaliteite, toerisme en 'n wye verskeidenheid algemene poste wat die kennis van die geograaf vereis.

In die huidige tydsgewrig word al meer klem gelê op die meer gevorderde en gespesialiseerde studie vir die beroepe en word studente sterk aangeraai om nagraadse kursusse in Geografie te volg voordat hulle hulle in 'n beroep vestig. Die werksmoontlikhede neem ook toe namate die kandidaat se kwalifikasies verbeter.

3. NAGRAADSE STUDIE

Nagraadse studie word aangebied vir die verwerwing van die graad Honns. B.A., M.A., en D.Phil. in Geografie.

Die Honneurskursus lei tot gevorderde studie in vier van die volgende rigtings wat tans in Geografie aangebied word nl.:

- wese van die geografie;
- ekonomiese geografie;
- politieke geografie;
- kartografie en foto-interpretasie;
- klimatologie en meteorologie;
- stadsgeografie;
- Afrikastudie.

'n Praktiese kursus in Geografiese tegnieke is verpligtend vir alle Honns.-studente.

Die M.A.-kursus bestaan uit 'n vraestel oor die terrein wat die verhandeling dek en 'n verhandeling wat bewys lewer dat die student selfstandige navorsing kan uitvoer oor 'n goedgekeurde onderwerp.

Die D.Phil.-kursus vereis selfstandige navorsing oor
'n goedgekeurde onderwerp uit die Geografie.

GESKIEDENIS

1. BREË INHOUD VAN DIE VAK

Die Geskiedenisleerplanne is so saamgestel dat studente 'n breë oorsig kry sowel van die vaderlandse verlede as van die ontwikkeling van die Christelike Westerse beskawing van Europa.

Die eerstejaarskursus is spesiaal ontwerp om 'n besef te kweek van die nasionale asook die algemeen Westerse en Christelike waardes wat juis in ons eie tyd so in die gedrang is. Daar is ook leerplanne wat spesifiek aangepas is met die oog op die belange van diplomastudente wat slegs 'n eenjarige leerplan volg.

2. VOORGRAADSE STUDIE

Studente wat Geskiedenis as hoofvak neem, kan feitlik enige van die sosiaal-kulturele vakke as tweede hoofvak of as byvakke neem. Dit sluit enige Europese taal in asook Aardrykskunde, Sosiologie, Staatsleer, Volkekunde. Daar is 'n wye keuse van byvakke, hoewel een verplig is uit 'n bepaalde groep. Wat voorvereistes betref, is Geskiedenis as skoolvak wenslik, hoewel 'n student met aanleg en toewyding desnoods met vrug daarsonder kan studeer.

Hoewel die studie van Geskiedenis geen beroepstudie is nie, is dit belangrik vanweë sy vormende invloed wat die student toegang verleen tot 'n verskeidenheid beroepe, soos die

onderwys, die radio- en perswese, die Staatsdiens en veral die Argiefwese.

3. VIR NAGRAADSE STUDIE

Die nagraadse studie is meer gespesialiseerd. Vir die honneursgraad moet 'n eksamen afgelê word in vyf vraestelle wat van tyd tot tyd voorgeskryf word. 'n Voltydse student kan die graad na een jaar behaal, deeltydse studente na twee jaar. Op die oomblik gaan een vraestel oor die Kommunistiese rewolusie van 1917, een oor Historiese Metodologie, een oor die Historiografie, een oor 'n tydvak of tema uit die Suid-Afrikaanse Geskiedenis en een oor die teorie van die Geskiedenis. Ook in hierdie geval is die beleid van die Departement om vormend en voorbereidend op te tree en nie bloot op die versameling van kennis gerig nie.

Vir die voltooiing van die M.A.-graad word nog 'n vraestel oor geskiedbeskouinge vereis asook 'n verhandeling oor 'n historiese onderwerp, waarvoor die student bewys van oorspronklike navorsing moet lewer. Dit kan ook gebaseer wees op gepubliseerde bronnemateriaal in die Universiteitsbiblioteek, wat redelik goed voorsien is. Die Universiteit sowel as die N.R.S.N. bied beurse vir nagraadse studie aan.

Vir die D.Litt.-graad moet 'n proefskrif voltooi word.

GRIEKS

1. INHOUD

Die vak Grieks omvat 'n studie van: die taal, die letterkunde, die geskiedenis, die wysbegeerte en die oudhede (die kuns, leefwyse, staatsinstellinge ens.) van die antieke Grieke.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Hoofvakke

Die ander hoofvak: die ideaal, as slegs op die vereistes van die vak Grieks gelet word, is dat Latyn as die ander hoofvak dien, omdat dit in alle opsigte die ideale aanvulling verskaf. 'n Moderne Wes-Europese taal, veral Duits, kan ook sterk aanbeveel word. In die praktyk egter (omdat Grieks, veral as hoofvak byna uitsluitend deur aspirant-teoloë geneem word) word meestal Semitiese Tale of Wysbegeerte as die ander hoofvak gekies.

2.2 Byvakke

Soos voorgeskryf vir die propedeuse vir Teologie.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Die ideaal is Latyn; Duits is die naasbeste (aangesien dit baie fleksie openbaar); verder is Nederlands, Engels, Afrikaans goed. Geeneen is egter 'n vereiste vir toelating tot

Grieks nie.

2.4 Aanleg

Watter leerlinge word afgeraai? - Diegene wat geen liefde of aanleg vir tale of vir Wiskunde (veral Meetkunde) het nie.

Dit gebeur telkens dat 'n leerling wat nie belang stel in tale nie en nie van enige taalaanleg bewus was nie, maar wat besonder veel van Wiskunde (veral Meetkunde) en/of Chemie gehou het, later as 'n uitblinker in Grieks ontpop.

2.5 Werkgeleenthede

'n Graad met Grieks as een hoofvak: onderwyser in Grieks (verkieslik met Latyn as die ander hoofvak);

kennis van die Griekse taal, lettere, geskiedenis, staatsinstellings, godsdiens, wysbegeerte, mitologie, kuns ens. is 'n baie sterk aanbeveling vir 'n loopbaan in die uitsaaiwese, pers, biblioteekwese, skone kunste en taalwetenskap.

Kyk verder onder paragraaf 3.5.

3. NAGRAADSE STUDIE (Honns. B.A., M.A. en D.Litt.)

3.1 Studieveld

Dieselfde as vir die voorgraadse, maar veel dieper en

breër.

Die steeds voortgaande opgrawings, veral in Egipte, bring voortdurend nuwe ontdekkings mee wat verrassende lig werp op aspekte soos die taalontwikkeling (van belang ook vir die moderne tale van Wes-Europa), die regsverhoudings, die staatkunde en die ekonomie van die Griekse en Grieks-Romeinse wêreld.

Van opsienbare belang in die jongste verlede is die ontsyfering van geskrifte op Kreta.

Tans word navorsing gedoen i.v.m. die mitologie, 'n onderwerp wat van groot belang is o.m. vir die Filosofie en die Volkekunde.

3.2 Byvakke

In elke geval lê die nagraadse studie of navorsing op 'n ander gebied, soos taal of lettere of geskiedenis. Hierdeur word die keuse van byvakke bepaal.

3.3 Vraestelle

Volgens die algemene patroon in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, nl. vraestelle vir die Honns. B.A., vraestel(le) en verhandeling vir M.A. en 'n proefskrif vir die doktorsgraad.

3.4 Beursgeleenthede

Dieselfde as vir ander vakke in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

3.5 Werkgeleenthede en ander waarde

Grieks is 'n sine qua non vir die volgende studierigtings:

Teologie - Grieks is die taal van die Nuwe Testament en van sommige Kerkvaders; die kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament en die oudste Kerkgeskiedenis was Hellenisties.

Wysbegeerte - Die Grieke was die grondleggers van die Westerse Wysbegeerte; hulle wysgerige denke oefen vandag nog 'n sterk invloed uit (ten goede en andersins) op ons Wysbegeerte en op ons lewe.

Taalkunde - Die moderne taalkunde word vandag nog grotendeels beheers (ten goede en andersins) deur die taalkunde van die Grieke, die grondleggers van hierdie vak.

Die moderne tale van Wes-Europa, insluitende Afrikaans, kan in mindere of meerdere mate beskryf word as dogtertale van Grieks (en Latyn).

Dit is vermaaklik hoe natuurwetenskaplikes en tegnisi, van wie sommige geneig is om neus op te trek vir alles wat tot die oudheid behoort, hulle toevlug tot kenners van Grieks (en Latyn) neem om hulle te voorsien van internasionale name vir hul ultramoderne uitvindings. So vinnig dus as wat ons met nuwe kennis en nuwe tegniese hulpmiddele verryk word, net so vinnig verryk Grieks (en Latyn) ons tale met nuwe woorde.

Die Letterkundes van die Westerse volke- Die drama is 'n skepping van die Grieke; ook die epiek, liriek, e.d.m. dank hulle grondvorme aan die Grieke.

Die Griekse oudheid bied origins 'n verklaring van 'n aansienlike deel van ons hedendaagse lewe en beskawing en bevrug dit nog steeds. Bekendheid met die Griekse oudheid is onmisbaar vir die historiese verstaan van ons staatsinstellings, byna elke vakwetenskap afsonderlik. Ons argitekte en beeldhouers put nog steeds inspirasie uit die beroemde Griekse werke op hierdie gebiede.

Die Olimpiese Spele, afkomstig van die Grieke, leef nog voort.

KULTUURKUNDE

1. INHOUD

1.1 Kultuurkunde is 'n basiese wetenskap met verreikende praktiese implikasies vir enige leier in die Afrikaanse volkslewe.

Dit het sedert 1957 aan die P.U. vir C.H.O. ontwikkel en word ook reeds aan een ander Afrikaanse universiteit gedoseer terwyl nog 'n ander Afrikaanse universiteit ook reeds die instelling van die vak oorweeg.

Die eerstejaarskursus in Kultuurkunde wat handel oor die Afrikaanse kultuur en volkskunde, word dan ook deur die Transvaalse Onderwysdepartement goedgekeur, en onderwysers kry daar erkenning voor. Dit kan 'n handige vak wees vir onderwysers wat Voorligting op skool moet behartig.

1.2 Waar alle vakke in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die bestudering van een of ander aspek van menswees gerig is, rig die Kultuurkunde (of Colologie) hom spesifiek op die kultuur van die mens en van volke en ook op die hele Westerse kultuur en beskawing.

Die aandag word egter telkens saamgetrek en toegespits op die Afrikaanse volkskultuur en volkskunde binne die groot geheel van die Westerse kultuur en beskawing.

Die Afrikaner word onder andere van ander volke onder-

skei deur sy eie karakter, unieke volkskultuur wat hom anders maak as ander volkere wat ook elkeen hulle eie kenmerkende volkskulture besit.

1.3 In die Kultuurkunde (of Colologie) word daarom onder andere ook aandag gegee aan vrae soos:

wat is die kenmerkende eienskappe van die verskillende volkskulture en die onderskeie beskawings en ook van die groot Westerse beskawing;

waarom skyn dit asof laasgenoemde beskawing besig is om onder te gaan, en wat kan ons as Christelike Afrikaners of wat kan die Christelike Westerlinge daaraan doen;

wat is die effektiefste wyse van benadering tot Afrikaners om die beste respons van hulle te kry deur vir hulle skool te hou, vir hulle te preek, te skryf, uit te saai, politieke leiding te gee, leesstof te voorsien ens. ens.

1.4 Kultuurkunde is 'n volwaardige B.A.-vak wat studente tot by die Doktorsgraad oplei.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Kultuurkunde kan met enige hoofvak binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gekombineer word.

Die volgende kombinasies met Kultuurkunde is egter baie gewild:

met Wysbegeerte;
met enige klassieke taal;
met enige skoolvak;
met Biblioteekkunde of
met Perswetenskap of Staatsleer.

2.2 Daar is geen verpligtinge of beperkings wat byvakke betref nie.

2.3 Skoolopleidingsvereistes: Universiteitstoelating indien Kultuurkunde as graadvak geneem word. Diplomastudente kan ook een of twee kursusse in Kultuurkunde volg.

2.4 Aanleg: Enigiemand wat matriek geslaag het en wat idealisme en volkstrots besit, is geskik om die vak te bestudeer.

2.5 Beurse: Enige bekombare meriete beurs. Vermelding verdien veral die beurse van die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (S.A.S. & H.) en dergelike instansies. Volledige beursbesonderhede is verkrygbaar by die Registrateur.

3. NAGRAADSE STUDIE

Nagraadse studie kom neer op 'n toenemende spesialisering in een of ander vertakking van die Kultuurkunde (of Colologie). Verskeie persone, veral predikante, beskik al oor Honneursgrade in Kultuurkunde; 'n kleiner getal oor Magistersgrade. Daar is ook reeds studente wat die Doktorsgraadstudie agter die rug het. Die D.Phil. kan in Kultuurkunde verower word.

KUNSGESKIEDENIS

1. INHOUD

Die vak Kunsgeskiedenis is 'n driejarige vak en kan as hoofvak vir die B.A.-graad geneem word.

Hierdie vak dek hoofsaaklik drie Wes-Europese kunsoorte: die bou-, beeldhou- en skilderkuns, en dit betrag hierdie drie kunsoorte vanuit twee gesigspunte: die historiese en die estetiese. Met ander woorde, die geskiedenis van die bou-, beeldhou- en skilderkuns word afsonderlik en in onderlinge verband met mekaar betrag, en die student word geleer hoe om die skoonheid van hierdie drie kunsvorme te waardeer. Ander kunsvorme kom natuurlik ook ter sprake, soos die keramiek en batikwerk. In die nabye toekoms sal die kuns van die Ooste, Midde-Ooste en Antieke wêreld ook in die kursus geïnkorporeer word.

2. VOORGRAADSE OPLEIING

2.1 Hoofvakke en byvakke

'n Ideale kombinasie by die vak Kunsgeskiedenis is een of ander letterkundige vak of Musiekgeskiedenis en -waardering, omdat die ontwikkeling van die estetiese ervaring ook in hierdie laasgenoemde vakke 'n belangrike oogmerk is. Bowendien vind mens in die geskiedenis van die musiek en van die verskillende Wes-Europese, Engelse en Amerikaanse letterkundes dieselfde groot geestesstrominge terug wat in die Kunsgeskiedenis voorkom.

2.2 Voorvereistes

Studente wat die vak Kuns op skool gehad het, kan daarvan profiteer wanneer hulle aan die P.U. vir C.H.O. 'n studie van die Kunsgeskiedenis kom maak, maar sowat 90% van die studente aan ons Universiteit wat hierdie vak loop, het nie Kuns op skool gehad nie. Die skoolvak is dus g  en voorvereiste vir die universit  re vlak nie. Die P.U. vir C.H.O. se Kunsgeskiedenis sluit ook geen praktiese teken-, skilder- of boetseerwerk in nie, en mense wat nie in hierdie rigting aanleg het nie, hoef dus nie bekommerd te wees nie.

3. NAGRAADS (Honns. B.A., M.A. en D.Phil.)

3.1 Inhoud

By die nagraadse studie, wat tot by die doktorsgraad moontlik is, word gespesialiseer in bepaalde onderwerpe waarmee in die B.A.-kursusse reeds kennis gemaak is, soos 'n bepaalde tydperk of tydperke, bepaalde rigtings of figure.

Wat hierdie vak so interessant maak, is dat daar voortdurend met illustrasiemateriaal gewerk word. Ons biblioteek is vir hierdie doel uitmuntend toegerus met voortreflike reproduksies van beroemde kunswerke, met kleurskryfies, ryklik geillustreerde boeke en dergelike. Die Universiteit re  l jaarliks ook tentoonstellings van beeldhou-, skilder-, batik- en keramiekwerk.

3.2 Beroepe

Die vak Kunstgeskiedenis berei voor tot verskillende beroepe in die praktyk, soos: kunsonderwyser aan die skool, joernalis by 'n koerant of tydskrif wat 'n kunsubriek het, die uit-saaidiens met sy talle kunsprogramme, 'n betrekking aan een of ander museum - om maar 'n paar te noem. Maar ook vir die geestelike en kulturele ontwikkeling van elke mens is hierdie vak uiters waardevol. Wie van ons het nie skilderye of reproduksies daarvan in die huis nie en wie van ons het nie behoefte aan die besoek van 'n kunstentoonstelling nie? En hoe sal ons kan beoordeel as ons nie kennis dienaangaande het nie?

LATYN

1. INHOUD

Latyn is die studie van die taal van die Romeine en die Westerse beskawing tot ongeveer 1600. Hieronder word ingesluit die groot bydrae van sowel die Latynse letterkunde as die geskiedenis van die vroeë Christendom, die Middeleeue tot na die Hervorming. Dit is die essense van die Westerse beskawing van vier eeue voor Christus tot sestien eeue na Christus. Die kursus aan die Universiteit is 'n inleiding in die verskillende aspekte van hierdie groot erfenis.

Vooraf moet die Latynse taal self goed bestudeer word. Die fundamente van die Westerse literatuur, godsdiens, die Christelike kerk, regswese, administrasie ens. is gedurende hierdie periode vasgelê. Daarom is die studie van Latyn ook die studie van die ontstaan en wording van die Wes-Europese beskawing. Die studie sluit in 'n groot mate agtergrondstudie in en is nie net linguisties ingestel nie. Dit is 'n kultuurstudie.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Hoofvakke en byvakke

Latyn en Grieks vorm 'n mooi eenheid, maar Latyn is ook 'n waardevolle vak by enige moderne taal soos Engels, Afrikaans-Nederlands en veral Frans, Italiaans (Romaanse tale) ens. Aangesien die studieterrein die vroeë Westerse beskawing is, gaan dit ook goed saam met Geskiedenis, Volkekunde (in die

breë sin), Regsvakke, Staatsleer en Wysbegeerte.

Vir persone wat nie Grieks self bestudeer nie, is dit nodig om 'n Griekse kultuurkursus te neem, omdat die Griekse beskawing weer op sy beurt die voorganger van die Romeinse was.

2.2 Voorvereistes

Latyn behoort op die middelbare skool geneem te word, omdat dit ook daar die kultuurwaarde het om die leerling te oriënteer ten opsigte van die agtergrond en herkoms van sy eie kultuur.

2.3 Beroepe

Met Latyn as hoofvak kan 'n student onderwyser word, in die biblioteekwese en in verskeie kultuurrigtings kwalifiseer. Daarby dien dit ook as 'n uitstekende voorbereiding vir 'n studie in die Regte, Teologie, taalkunde en letterkunde.

3. NAGRAADSE STUDIE

3.1 Inhoud

In die nagraadse studie word die studie gekonsentreer om vier belangrike skrywers, prosaïste en digters. Hulle waarde en bydrae word dan in besonderhede nagegaan. Aan ons Universiteit word ook besondere aandag geskenk aan die groot christelike skrywers en daarmee ook aan 'n studie van die vroeë Christendom.

Die bepaling van die waarde van die verskillende skrywers vir die ontwikkelingsgang van die Westerse beskawing is vandag 'n belangrike aspek van die studie van Latyn. Ons lê veral nadruk op die rol van die vroeë Christendom in Kerk en Staat.

Daarom is dit so belangrik dat sekere fasette van die vroeë Christendom nagevors word, veral om invloed op die vroeë Kerk van buite vas te stel. Op hierdie gebied het ons Departement van Latyn al ook iets gelewer. Daar is studies voltooi en nog aan die gang oor aspekte van die Romeinse godsdiens en die invloed daarvan op die ou Christendom; ook is 'n studie al gedoen oor die invloed van die Wysbegeerte op die Christendom.

In die Honneurs B.A. word ses vraestelle afgelê, waarvan vier gaan oor skrywers, een oor geskiedskrywing en een vertaling op sig is.

In die M.A.-kursus word twee vraestelle vereis, gewoonlik mondeling afgelê. Hiervoor kan die student die rigting kies wat hom die meeste interesseer. Daarna moet hy 'n verhandeling voltooi oor 'n goedgekeurde onderwerp. Ons kies gewoonlik onderwerpe soos hierbo uiteengesit, maar indien dit pas by die belangstelling van die student gee ons ook al onderwerpe uit die taalkunde en letterkunde vir verhandelings. 'n Verhandeling moet 'n bepaalde onderwerp redelik goed uitpluis en beslaan gewoonlik tussen 100 en 150 bladsye.

'n Student wat 'n nagraadse studie doen, kan sy vak soveel beter hanteer en kan soveel beter daarop bou as hy Regte,

Teologie, taalkunde ens. bestudeer.

3.2 Werkgeleentheid en algemene waarde

Die Departement Latyn aan ons Universiteit het 'n hele paar teoloë opgelewer met 'n deeglike Latynagtergrond op nagraadse vlak vir nulle teologiese studie, heelwat onderwysers wat 'n leidende aandeel neem, regsgeleerdes en taal- en letterkundiges.

MAATSKAPLIKE WERK

1. INHOUD

Die begrip "Maatskaplike Werk" het betrekking op 'n beroep en 'n professie, maar ook op 'n bepaalde studieterrrein en werkgebied. Die maatskaplike werker, net soos die medikus, advokaat, sielkundige en predikant, is 'n persoon wat met mense werk. Derhalwe is die inhoud van die vak sō ingedeel om die voornemende maatskaplike werker toe te rus en te bekwaam as professionele persoon.

Die maatskaplike werker lewer dienste aan persone uit alle lae en groepe in die samelewing soos kinders, jongmense en volwassenes met maatskaplike probleme, egpare met huweliksprobleme, jeugdiges en volwassenes wat met die gereg in botsing gekom het, alkoholiste, persone met liggaamlike en geestelike gebreke en bejaardes. Die professionele opleiding is dus, benevens die teorie in besonder, op praktiese aspekte ingestel.

Vir die integrering van teorie en praktyk, is dit noodsaaklik dat studente reeds van die eerste jaar praktiese werk doen by inrigtings, organisasies en verenigings en die Departement Volkswelsyn en Pensioene. Vir die graadkursus word twaalf weke en vir die diplomakursus tien weke in totaal, praktiese werk gedurende vakansies vereis.

Die B.A.(Maatskaplike Werk)-kursus duur vier jaar waar die student in die vierde jaar kan kies tussen generiese

(algemene) en psigiatriese maatskaplike werk. 'n Driejarige diplomakursus in generiese maatskaplike werk word ook aangebied.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Hoofvakke en byvakke

Benewens Maatskaplike Werk as hoofvak (dit duur vier jaar in die geval van 'n B.A.(M.W.)-graad en drie jaar by 'n diploma) vereis die Universiteit dat B.A.(M.W.)-studente 'n driejarige kursus in sowel Sosiologie as Sielkunde sal deurloop en diplomastudente 'n driejaarkursus in of Sosiologie of Sielkunde en 'n tweejarige kursus in die ander vak. Verder word nog enkele kursusse uit 'n wye keuse van ander vakke soos tale, geesteswetenskappe, regs vakke en ekonomie benodig om die leer- gang te voltooi.

2.2 Voorvereistes en aanleg

In die geval van 'n B.A.(M.W.)-graad, word 'n matrikulasiesertifikaat of 'n skoolleindsertifikaat wat vrystelling verleen van die matrikulasievereistes, verlang. Om toegelaat te word vir die diplomakursus, moet studente in besit wees van 'n skoolleindsertifikaat of 'n senior sertifikaat, maar hulle hoef nie matrikulasievrystelling te hê nie. Vir 'n kursus in Maatskaplike Werk is dus geen bepaalde skoolvakke as sodanig 'n vereiste nie.

Vir die beoefening van Maatskaplike Werk moet persone, benewens akademiese kwalifikasies, ook oor die volgende persoon-

likheidshoedanighede beskik:

- (i) 'n opregte belangstelling in en 'n liefde vir mense;
- (ii) vindingrykheid en oorspronklikheid;
- (iii) 'n sterk verantwoordelikeidsgevoel;
- (iv) durf en deursettingsvermoë, maar ook geduld waar nodig;
- (v) 'n sin vir humor;
- (vi) die regte gesindheid teenoor die beroep Maatskaplike Werk, waar dienslewering baie belangrik is;
- (vii) die regte positiewe gesindheid teenoor jou medemens;
- (viii) geloof in jou Skepper en vertrou in jouself.

2.3 Beurse en lenings

Benewens 'n aantal beurse spesifiek vir studie in Maatskaplike Werk, maak die Universiteit en ander instansies ruim voorsiening vir beurse en lenings aan sowel voorgraadse as nagraadse studente. Volle besonderhede word verstrek in die beurs- en leningsbrosjures van die Universiteit.

2.4 Beroepe

Studie in Maatskaplike Werk bekwaam 'n persoon vir die professie. Dit bied ook 'n goeie agtergrond vir predikante, verpleegsters, onderwysers, sielkundiges en sosioloë.

Maatskaplike Werk bied ruim werkgeleenthede vir dames en mans en die geleenthede neem steeds toe, veral vir mans. 'n Groot verskeidenheid liggame soos die staat, provinsiale administrasies en plaaslike owerhede; verskillende welsynsorganisasies; kerklike liggame en nywerhede, neem maatskaplike werkers in diens.

Omdat met mense met verskillende probleme en behoeftes in verskillende situasies gewerk word, is die werk nooit eentonig nie, veral omdat daar ook dikwels met ander professies saamgewerk word. Die werk is altyd stimulerend en interessant.

3. NAGRAADSE STUDIE

Na voltooiing van die B.A.(M.W.)-graad, kan studente inskryf vir Honns. B.A.(M.W.) wat met voltydse studie binne een jaar voltooi kan word, maar oor twee jaar strek vir buitemuurse studente. M.A. en D.Phil.-grade word ook aangebied.

MUSIEK

1. GRADE EN DIPLOMA'S

Die Musiekdepartement bied opleiding vir die volgende grade en diploma's:

B.Mus.;

Honns. B.Mus.;

M.Mus.;

D.Mus.;

B.A. met Musiekgeskiedenis as een van die hoofvakke;

Universiteitsonderwysdiploma in Musiek (U.O.D.M.);

Laer Universiteitsdiploma in Musiekonderwys (L.U.D.M.);

Diploma vir Kerkkorreliste (D.K.O.);

Universiteitsdiploma in Musiekvoordrag (U.D.M.V.).

2. LEERGANGE VIR B.MUS.

Dit is 'n suiwer vierjarige akademiese graad en studente het 'n keuse tussen die volgende drie leergange:

LEERGANG A

Eerste jaar: Musiekgeskiedenis I

Harmonie I

Kontrapunt I

Algemene Musiekleer I

Duits I of Spesiale Duits

Nog 'n eerste kursus in 'n B.A.-vak.

Tweede jaar: Musiekgeskiedenis II

Harmonie II

Kontrapunt II

Algemene Musiekleer II

Afrikaans of Afrikaans-Nederlands I of

Engels I of Engels IB of Frans I

Kunsgeskiedenis I

Derde jaar: Musiekgeskiedenis III

Harmonie III

Kontrapunt III

Algemene Musiekleer III

Orkestrasie I

Komposisie I

Kunsgeskiedenis II

Vierde jaar: Musiekgeskiedenis IV

Kunsgeskiedenis III

'n Moontlike eerste of tweede kursus.

LEERGANG B

Eerste jaar: Musiekgeskiedenis I

Harmonie I

Kontrapunt I

Praktiese Musiekleer I

Algemene Musiekleer I

Praktiese Musiek I

Duits I of Spesiale Duits

Tweede jaar: Musiekgeskiedenis II
Harmonie II
Kontrapunt II
Algemene Musiekleer II
Praktiese Musiekleer II
Praktiese Musiek II
Afrikaans of Afrikaans-Nederlands I of
Engels I of Engels IB of Frans I

Derde jaar: Musiekgeskiedenis III
Harmonie III
Kontrapunt III
Praktiese Musiekleer III
Algemene Musiekleer III
Praktiese Musiek III
Orkestrasie I
Komposisie I

Vierde jaar: Musiekgeskiedenis IV
Praktiese Musiek IV
Praktiese Musiekleer IV
Kunsgeskiedenis I

LEERGANG C

Eerste, tweede en derde jaar soos vir Leergang B.

Vierde jaar: Harmonie IV
Kontrapunt IV
Praktiese Musiek IV
Praktiese Musiekleer IV
Orkestrasie II
Komposisie II

Vir toelating tot leergang B of C moet 'n student in Praktiese Musiek 'n standaard bereik het wat gelyk staan aan die Gevorderde Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika of dié van Musiek as vak vir Matriek. Slegs een praktiese vak is verpligtend, maar 'n tweede word toegelaat.

3. DIE HONNS.B.MUS.-GRAAD

Voltydse studente kan die graad na een jaar en deeltydse studente na twee jaar studie verwerf.

Die studie vir hierdie graad val uiteen in vier afdelings. Vir drie afdelings kan 'n keuse gemaak word uit 'n groot verskeidenheid onderwerpe, soos 'n besondere studie van 'n komponis of komponiste, van 'n bepaalde vorm of selfs 'n groep vorms, van 'n spesiale stylperiode van die musiekgeskiedenis, van 'n musiekpsigologiese, -sosiologiese, -estetiese of musiekpedagogiese onderwerp.

Vir die vierde afdeling moet een van die volgende gekies word: die voordrag van 'n konsertprogram, 'n komposisie, 'n skripsie of 'n verdere vraestel gekies uit bogenoemde onderwerpe.

4. DIE M.MUS.-GRAAD

Vir die M.Mus.-graad moet 'n kandidaat 'n verhandeling skryf oor 'n onderwerp van musiekwetenskaplike belang en eksamen doen in een vraestel.

5. DIE D.MUS.-GRAAD

Die eksamen vir die D.Mus.-graad bestaan uit:

- (a) 'n mondelinge doktoraaleksamen oor die hele gebied van die musiekwetenskap en
- (b) 'n proefskrif oor 'n onderwerp uit die gebied van die musiekwetenskap.

6. DIE B.A.-GRAAD MET MUSIEKGESKIEDENIS AS HOOFVAK

Musiekgeskiedenis kan saam met 'n ander vak soos 'n moderne taal, Geskiedenis, Bybelkunde of Kunsgeskiedenis as hoofvak vir die B.A.-graad geneem word, of as een- of tweejarige byvak.

Praktiese musiek is verpligtend en die toelatingstandaard is gelykstaande aan die Intermediêre Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika. Daarbenewens moet voornemende onderwysers(esse) ook twee kursusse volg in Harmonie en Kontrapunt.

7. MUSIEKGESKIEDENIS EN -WAARDERING

Hierdie is 'n eenjarige kursus vir die B.A.- of B.Sc.-

graad. Vaardigheid om 'n instrument te bespeel is nie 'n vereiste nie. Voorafgaande vertrouwdheid met noteskrif is egter hoogs wenslik. Die aksent val op Musiekgeskiedenis wat as basis geneem word vir die vorming van 'n beter begrip en waardering van die musiek van die Westerse beskawing.

8. DIE U.O.D.M. EN L.U.D.M.

Hierdie twee diploma's kwalifiseer studente vir die musiekonderwys, d.w.s. vir ateljee- en skoolmusiekonderwys.

Die U.O.D.M. sluit benewens die B.Mus.-vakke, ook kursusse in Musiek- en algemene Opvoedkunde in. Dit kan gelyktydig met die B.Mus.-graad geneem en daarmee saam nā 'n vierjarige studie verwerf word, of die B.Mus. kan eers voltooi word en die U.O.D.M. dan na 'n verdere eenjarige studie behaal word.

Die L.U.D.M. is 'n driejarige kursus en soos die U.O.D.M., ingestel op musiekonderwys. Wat die skoolmusiek betref, kwalifiseer dit 'n persoon hoofsaaklik vir die laerskool.

Vir die U.O.D.M. en die L.U.D.M. is die toelatingsvereistes t.o.v. praktiese musiek dieselfde as vir die B.Mus.-graad. 'n Tweede praktiese vak is hier verpligtend.

9. DIE D.K.O.

Dit is 'n kerkkorrelistediplotoma wat oor drie jaar strek en gelyktydig met of die B.Mus.-graad of die L.U.D.M. gevolg kan word. Die meeste van die teoretiese vakke, soos Harmonie en

Musiekgeskiedenis is dieselfde as die ooreenstemmende vakke vir B.Mus. of L.U.D.M.

As voorvereiste word van studente 'n standaard gelykstaande aan die Intermediêre graad van die Universiteit van Suid-Afrika verwag. In baie gevalle begin studente heel van voor met orrel saam met B.Mus. of L.U.D.M. en is dan in die tweede jaar in staat om met die D.K.O. te begin.

10. DIE U.D.M.V.

Dit is 'n diploma in praktiese musiek. As voorvereiste moet 'n student in besit wees van 'n Lisensiaat in Musiekonderwys van enige Suid-Afrikaanse Universiteit of 'n standaard daaraan gelykstaande. Die eksamen bestaan uit die uitvoering van 'n volledige konsertprogram.

11. KURSUSSE IN PRAKTIESE MUSIEK

Benewens die graad- en diploma-opleiding van voltydse studente, word opleiding ook tot op die hoogste vlak (Lisensiaat) gegee aan studente in klavier, orrel, klawesimbel, sang, viool, tjello, fluit, hobo, klarinet en fagot.

12. BEURSE EN LENINGS

Benewens 'n aantal beurse vir studie in enige rigting, word beurse spesifiek vir studie in Musiek, deur die volgende liggame geskenk:

Century Radio;
Federasie van Afrikaanse Kultuur;
Musiekkonservatorium van die P.U. vir C.H.O.;
Pro Rege-pers;
R. Müller;
S.A. Orrelbouers.

Voornemende studente wat nie vir enige beurs in aanmerking kom nie, kan aansoek doen om lenings waarvan daar 'n groot verskeidenheid is.

Vir nadere besonderhede, vra om die Universiteit se brosjures oor beurse en lenings.

13. WERKGELEENTHEDE

Op alle fronte van die musiek as professie, bestaan daar tans groot behoefte aan opgeleide persone. Die belangrikste terreine waarvoor die Universiteit se grade en diploma's studente kwalifiseer, is die onderwys (ateljee en skool), uitsaaiwese, die verskillende provinsiale rade en die uitvoerende kunste (soos T.R.U.K., K.R.U.I.K.), die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die pers en biblioteekwese.

Persone met nagraadse kwalifikasies word leiers en opvoeders van leiers op musiekgebied. Honns.B.Mus., M.Mus. en D.Mus. open die weg na die hoër onderwys (opleidingskollege, universiteit) en na verantwoordelike betrekkings op al die terreine wat hierbo genoem is.

NATURELLEADMINISTRASIE

1. INHOUD

Die Departement Naturelleadministrasie bied 'n deeglike skoling in die volkerevraagstuk.

Dit word inderdaad algemeen aanvaar dat die volkervraagstuk Suid-Afrika se grootste, moeilikste en belangrikste enkele vraagstuk is.

VOORTBESTAAN OF VERDWYNING VAN DIE BLANKE VOLK IN SUID-AFRIKA HANG AF VAN DIE WYSE WAAROP HIERDIE PROBLEEM OPGELOS GAAN WORD.

Meer nog: dis 'n vraagstuk wat die hele wêreld betrek. En die Republiek wil aan die grotendeels vyandige buitewêreld die bewys lewer dat sy beleid van Eiesoortige Ontwikkeling die sleutel is tot die toekomstige harmonieuse naasbestaan van die verskillende rasse, hetsy wit, swart of geel.

Hier dink ons nie soseer aan die sigbare magte wat teen Suid-Afrika opgestel is nie, maar aan die onsigbare: die gebrek aan wetenskaplike kennis oor die aard van die vraagstuk by die gewone man, by die breë publiek.

Toegerus met 'n deeglike beeld van Naturelleadministrasie sal u bewus word van die omvang en die verskillende fasette van die vraagstuk. U LEIDING NEEM IN DIE WERKLIKE OPLOSSING DAARVAN.

Die vak Naturelleadministrasie word reeds die afgelope dekade by die meeste Afrikaanse universiteite aangebied. Die naam Naturelleadministrasie is ietwat misleidend en selfs ontoereikend. Namate die vak verder uitgebou word, mag 'n meer bevreëdigende naam wel te voorskyn tree.

As vak beklee dit reeds 'n stewige plek in die ry van sosiale wetenskappe en behoort dit in die jare wat voorlê 'n nog prominenter plek te verower.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

Die vak behels hoofsaaklik 'n studie van die ontstaan en ontwikkeling van volkereverhoudings. Dit sluit in - staatsbeleid t.o.v. inboorlingvolke en rasseverhoudings in Suid-Afrika, Afrika en ander gebiede met veelrassige bevolkings.

Met bostaande in gedagte, is die leerplan soos volg saamgestel:

Kursus I. Die ontwikkeling van Bantoebeleid en -administrasie in Suid-Afrika van 1652 tot 1910; die administratiewe raamwerk van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling; die belangrikste wetgewing i.s. Bantoes van 1910; politieke regte van nie-blankes in Suid-Afrika; vraagstuk van grondvoorsiening en -verdeling in Suid-Afrika.

Kursus II. 'n Intensiewer studie van beleid, wetgewing en administrasie met betrekking tot die Bantoe van Suid-Afrika; tuislandontwikkeling en gesagsdesentralisasie in die proses van Bantoe-volksontwikkeling.

Kursus III. Ontstaan en ontwikkeling van rasseverhoudings in Suid-Afrika (Bantoes, Kleurlinge en Indiërs); beleid en administrasie in Suidwes-Afrika; beleid en administrasie in ander Afrikagebiede waar etniese stratifikasie voorkom.

(Honns. B.A., M.A. en D.Phil. word ook aangebied).

2.1 Hoofvakke en byvakke

Afhangende van die loopbaan wat beoog word, kan nuttige vakkeuses gedoen word.

Vir 'n betrekking in die Departement Bantoe-administrasie, die plaaslike owerhede en die myne, kan die volgende aanbeveel word:

Hoofvakke
Naturelleadministrasie
Volkekunde

Byvakke
Staatsleer
'n Bantoetaal
Bantoereg
Romeins-Hollandse Reg
Ekonomie
Geskiedenis.

Vir 'n betrekking in die Inligtingsdiens of die diplomatieke diens kan die volgende oorweeg word:

<u>Hoofvakke</u>	<u>Byvakke</u>
Naturelleadministrasie	Staatsleer
Perswetenskap	Frans (of 'n ander moderne taal)
	Romeins-Hollandse Reg
	Ekonomie
	Volkekunde

2.2 Skoolopleidingsvereistes en aanleg

Die gewone vereistes vir universiteitstoelating is van krag. Verder is belangstelling in die vak nodig vir sukses.

2.3 Werkgeleenthede

'n Graad in Naturelleadministrasie bied 'n goeie geleentheid in die Staatsdiens, plaaslike owerhede, mynbedryf, Radio Bantoe en sekere nywerhede.

Met betrekking tot die Staatsdiens kan genoem word die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling met sy verskillende vertakkinge, die Departement Inligting met sy hoofkantoor in Pretoria, die verskillende streekkantore - of selfs in die buiteland. Indien die regte vakkeuses gedoen word, bied die diplomatieke diens ook uitstekende geleenthede aan jong mans.

Elke plaaslike owerheid het volgens wet 'n afdeling nie-blankesake en by die aanstelling van senior amptenare soos direkteur of bestuurder van nie-blankesake en dorpsbestuurder, word 'n graad in Naturelleadministrasie van owerheidsweë as vereiste gestel.

Die verskillende myne in Suid-Afrika het elk 'n afdeling Bantoesake, en ook daar is 'n graad in Naturelleadministrasie aan te beveel.

Bogenoemde is maar enkele moontlike loopbane waartoe 'n graad in Naturelleadministrasie goeie moontlikhede bied.

Ten slotte kan genoem word dat waar rasseverhoudinge vandag die spil is waarom Suid-Afrikaanse en selfs wêreldpolitiek draai, 'n akademiese kennis van Naturelleadministrasie 'n vereiste is vir 'n beter begrip van die huidige situasie.

3. NAGRAADSE STUDIE (B.A. Honns., M.A. en D.Phil.)

3.1 Inhoud

Vier vraestelle met verdiepte en breër studie oor Afrika, Asië, Amerika en ander gebiede, twee vraestelle en 'n verhandeling vir M.A. en 'n proefskrif vir D.Phil. word vereis.

3.2 Werkgeleenthede

Dieselfde as vir diegene met 'n B.A.-graad, maar persone

met nagraadse opleiding kan reken op spoedige bevordering, voorkeur en hoër besoldiging.

PERSWETENSKAP

1. INHOUD VAN DIE VAK PERSWETENSKAP

Die vierjarige kursus omvat in hoof trekke 'n studie van die kommunikasieleer, wo. die geskiedenis van koerante, tydskrifte, die vernaamste tegnologiese kommunikasiemedie soos die druk kuns, telegraaf, telefoon, radio, beeldradio; die teorie en praktyk van berig gewing en kommentaar; die persetiek; die perssosiologie; die perspsigologie, waaronder reklame, propaganda en indoktrinasie; die persreg; die persadministrasie; tipografie en ontwerp kuns en skakelwerk.

Omdat die invloed van die pers, radio, beeldradio en rolprent op die volkslewe in alle lande oorweldigend is, spreek dit vanself dat die Perswetenskap te doen het met een van die grootste en verreweg die invloedrykste van alle bedrywe. By die oordra van alle nie-akademiese kennis na formele onderwys en beïnvloeding op die terreine van die staatkunde, die ekonomie, internasionale verhoudinge, die politiek, die maatskaplike en sedelike, is die werking van die „pers" in sy volle omvang ongewenaard. Dit het diē magsmiddel van die moderne wêreld geword, nasionaal en internasionaal.

Meesal is die werk interessant, soms spannend en te alle tye hoogs verantwoordelik.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

Perswetenskap soos tans aan die P.U. vir C.H.O. aange-

bied word, is 'n vierjarige graadkursus, die eerste twee kursusse waarvan as gewone graadkursusse vir die grade B.A. en B.Comm. afgelê kan word. Die derde en vierde kursusse lei saam met twee ander driejarige hoofvakke, een waarvan in die derde studiejaar afgelê word, tot die vierjarige kursus B.A.(Pw.), wat 'n professionele graadkursus is. Die toelatingsvereiste is volle matrikulasievystelling.

Voorts word 'n eenjarige nagraadse diploma in joernalistiek aangebied. Dit kan op enige graad van enige erkende universiteit volg, sodat die toelatingsvereiste enige graadkursus is wat deur die P.U. erken word, d.w.s. ook grade in die natuur- en ekonomiese wetenskappe.

Tans onder oorweging, is die instelling van 'n tweejarige voorgraadse diplomakursus in joernalistiek. Die toelatingsvereiste sal of die matrikulasie- of die skoolleindsertifikaat wees. Ter verwerwing van hierdie diploma sal 'n student vyf gewone akademiese kursusse in sy eerste studiejaar moet aflê, gevolg deur vyf vraestelle oor aspekte van die joernalistiek in die tweede jaar.

2.1 Hoof- en byvakkombinasies

Daar is geen vasgestelde hoofvakkombinasies, trouens geen verpligte byvakke nie, sodat studente wat in die kommunikasiebedryf 'n loopbaan wil vind, enige vakkombinasie wat hulle verkies, saam met Perswetenskap kan aanbied, en wel omdat die kommunikasiebedryf die hele menslike samelewing dek. Wat wel aanbeveel word, is 'n studie van die twee landstale, ander

moderne en Bantoetale, die sosiologie, die sielkunde, ekonomie, staatsleer, trouens enige van die sosiale wetenskappe, liggaamlike opvoeding (met die oog op sportberiggewing), musiek- of kunsgeskiedenis.

2.2 Aanleg

Omdat die kommunikasiekunde die hele samelewing dek, kan haas enige besondere aanleg of voorliefde, van musiek of die skone kunste tot aangetrokkenheid tot die politiek of die ekonomiese lewe, in die kommunikasiewese uitgeleef word. Wat wel vereis word, is redelike intelligensie, belangstelling en toewyding.

2.3 Beurse

Afgesien van P.U.-beurse word beurse tans vir die studie van die Perswetenskap toegeken deur (in alfabetiese volgorde) die Afrikaanse Pers Beperk, die Argusmaatskappy, die Nasionale Pers Beperk en die Voortrekkerpers Beperk. Daar is ook honneursbeurse beskikbaar. Navraag om die besonderhede van die aansienlike verskeidenheid spesiale beurse vir Perswetenskap kan by die Registrateur gedoen word. Die toekenning van beurse lei gewoonlik tot vakansiewerk en 'n vaste aanstelling ná voltooiing van die kursus.

2.4 Beroepe

Kennis van die Perswetenskap (kommunikasiekunde) kan tot 'n verskeidenheid interessante beroepe lei. Die koerante en

tydskrifte is waarskynlik die grootste werkgewers, maar ander werkgewers is die S.A.U.K., die Departement Inligting, ook as buitelandse persattachés, groot maatskappye wat eie blaaië uitgee of skakelbeampies nodig het, ander staatsdepartemente met eie publikasies en semi-staatsinstellings wat publikasies uitreik, o.m. die W.N.N.R.

In die algemeen is daar 'n nypende tekort aan goeie joernaliste en met die moontlike koms van beeldradio binne af-sienbare tyd, sal die tekort moontlik nog toeneem. Die tekort aan joernaliste geld ook reklame- en advertensiepersoneel en skakelbeampies wat byna voor die voet uit die kommunikasiewese, meesal redaksiekantore, gewerf word.

3. NAGRAADSE STUDIE

Op nagraadse peil word honneurs-, meesters- en doktorsgrade in Perswetenskap aangebied. Nagraads word veral op die rol van internasionale en nasionale nuusagentskappe, die rol van die pers in die internasionale verkeer, propaganda en indoktrinasië en gespesialiseerde afdelings van voorgraadse studie-onderwerpe toegespits, bv. op besondere aspekte van die persreg, persetiek en persadministrasie.

SEMITIESE TALE

1. INHOUD

Die Hebreeus van kursus I en II is klassieke Hebreeus, nl. diē van die Ou Testament. Van die derde jaar word egter ook aan moderne Hebreeus aandag gegee en aan die Aramees van die Ou Testament.

1.2 Hoofvakke en byvakke

Semitiese Tale as hoofvak noodsaak geen ander besondere hoofvak of byvakke nie, maar in die reël neem studente Grieks of Wysbegeerte.

1.3 Voorvereistes

Dit is ongelukkig waar dat daar op skool geen vooropleiding vir Hebreeus is nie. Dit verdien egter aanbeveling dat skoliere 'n derde taal (Duits of Latyn) op hoërskool neem omdat dit van vormende waarde is met die oog op die studie van Hebreeus.

1.4 Werkgeleentheid en waarde

Studie van Semitiese Tale lei tot die beroep van predikant of dosent in die tale.

2. NAGRAADSE STUDIE

2.1 Inhoud

Nagraads sluit hierdie vak ander Semitiese Tale in, t.w. Arabies, Ugarities, Siries en Akkadies („spykerskrif“).

2.2 Navorsing

Die belangrikste en opsienbarende ontdekkinge op die gebied van die Semitiese Tale in die jongste tyd is die opgrawings te Ras Sjamra (Ugarit) 1933 en die ontdekking van die Dooie Seerolle in 1947 en daarna. Die studie en navorsing in verband hiermee duur nog voort. Die resultate wat gevind is, het verrassende lig op die Bybel gewerp.

2.3 Werkgeleentheid

Nagraadse studie in Semitiese Tale lei tot geen ander beroep as die hierbo genoem nie, maar dit verdiep die insig nie alleen in die Semitiese Tale en die ou Oosterse wêreld nie, maar ook in die verstaan van veral die Ou Testament.

2.4 Beurse

Bourse vir nagraadse studie is beskikbaar.

· SIELKUNDE

1. INHOUD

Breed gestel is Sielkunde of Psigologie die wetenskap van die mens - met die klem op die hele mens en die individuele mens - in al sy geleding en gedraginge.

Met die woordjie „al" wil ons aandui dat die mens nie net lid is van 'n natuurorde nie, maar ook van 'n bonatuurlike orde.

Enigsins anders gestel, kan ons sê dat die Sielkunde die mens as 'n eenheid van liggaam en gees bestudeer: die biologiese en fisiologiese van sy menswees enersyds en die sosiale, psigiese en geestelike van sy menswees andersyds.

As beelddraer van God het die mens in sy liggaamlikheid, emosionaliteit en gevoelsmatigheid, redelikheid en sedelikheid 'n eie besondere herkoms en ewigheidsbestemming.

In die eerste studiejaar word Sielkunde in die algemeen bestudeer wat as basis dien vir uiteenlopende afdelings soos Ontwikkelingsielkunde, Sosiale Sielkunde, Nywerheidsielkunde, Psigopatologie, Kindersielkunde, Kliniese Sielkunde, Pastorale Sielkunde en Eksperimentele Sielkunde wat in die tweede, derde en nagraadse studiejare gevolg word.

Sielkunde het te doen met 'n groot verskeidenheid si-

tuasies en gebiede waar mense werk en waar met mense gewerk word. Om maar enkeles te noem dink ons hier bv. aan:

1.1 Die opvoedingsituasie van die kind in die huis en in die skool. In hierdie verband is 'n studie van die Ontwikkelingsielkunde en meer bepaald die Kindersielkunde veral van belang.

1.2 Die geestesgesondheidsituasie. Bekommernisse, probleme, frustrasies, spanninge en konflikte vloei met wesensnoodsaaklikheid uit ons menswees voort. Baie mense ontwikkel dientengevolge allerlei emosionele en persoonlikheidsprobleme - word selfs baie ernstig siek in hul gees - en dit is die taak van die deeglik opgeleide Voorligtingsielkundige, Kliniese Sielkundige en Psigoterapeut om hierdie mense te help. Hierdie soort genesende werk word gewoonlik in samewerking met ander beroepslui soos die onderwyser, die maatskaplike werkster, die predikant, psigiater en medikus gedoen.

1.3 Die bedryfsituasie. In die bedryfs- en industriële lewe word 'n baie groot verskeidenheid werksoorte en/of beroepe beoefen. Hierdie werksoorte, wat in verskillende „families" ingedeel kan word, stel uiteenlopende eise aan die werkers. Werkgewers ervaar ook besondere probleme met hulle werkers wat hulle nie kan inpas of aanpas nie, wat beroepswanaangepas is of op die een of ander wyse gestremd is. Vir die Sielkundige lê hier 'n reuse taak; werkers moet ten opsigte van hul vermoëns, aanlegte en vaardighede sielkundig getoets word met die oog op die uitoefening van sekere werksoorte of oorskakeling na ander werksoorte, werkers moet voorligting ten aansien van die werksituasie ontvang, en so meer.

1.4 Daar is nog baie ander terreine, soos die Sielkunde van mensverhoudings ('n terrein wat in ons huidige lewe al hoe belangriker word); die Kommersiële Sielkunde; die Sielkunde van Kommunikasie (vergelyk die reusagtige kommunikasiemedie soos die pers, radio en televisie); die Sielkunde van Propaganda; die Kultuursielkunde of die Transkulturele Sielkunde (vgl. die verskillende bevolkingsgroepe in ons land) en die terrein van Sielkundige oorlogvoering.

2. SIELKUNDE VIR DIE B.A.- OF B.Sc.-STUDIERIGTING

2.1 Hoofvakkombinasies

2.1.1 Vir die B.A.-graad kan Sielkunde saam met 'n groot verskeidenheid vakke as hoofvak geneem word. Die voornemende onderwyser sal bv. Sielkunde saam met 'n tipiese skoolvak soos Geskiedenis kombineer. Die maatskaplike werkster sal weer Sielkunde saam met Maatskaplike Werk en Sosiologie neem. Vir die graadkursus in Verpleegkunde is Sielkunde ook 'n waardevolle hoofvak.

2.1.2 Vir die B.Sc.-graad is Sielkunde saam met Fisiologie of Statistiese Wiskunde uitstekende kombinasies. Hierdie kombinasies leen hul baie goed vir navorsingsposte in die Sielkunde of vir beroepe soos dié van die kliniese sielkundige of die medikus.

2.2 Byvakkombinasies

2.2.1 Met Sielkunde as hoofvak vir die B.A.-graad het die student 'n groot keuse sover dit byvakke betref, maar die volgende word veral aanbeveel: Afrikaans/Nederlands en Engels of enige moderne taal soos Duits en Frans of 'n Bantoetaal; Maatskaplike Werk, Sosiologie, Wysbegeerte, Ekonomie of Volkekunde.

2.2.2 Sou Sielkunde as hoofvak vir die B.Sc.-graad geneem word, moet minstens een kursus in twee, of twee kursusse in een van die volgende geneem word: Fisiologie, Statistiese Wiskunde, Wiskunde, Statistiese Metodes, Dierkunde of Fisika.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Die gewone matriekvereistes vir Universiteitstoelating is hier van toepassing.

2.4 Aanleg

Vir studie in Sielkunde word geen spesifieke aanleg vereis nie. Vir sommige sielkundige beroepe sal die vermoë en belangstelling om met mense te werk vanselfsprekend baie voordelig wees.

2.5 Beurse

Net soos vir enige B.A.-, B.Sc.- of B.Comm.-graad, is daar voorgraadse beurse en leningsbeurse beskikbaar. Raadpleeg

hiervoor die beursbrosjure van die Universiteit.

2.6 Beroepe

Daar is reeds by implikasie na sekere beroepe verwys wat met Sielkunde as een hoofvak gevolg kan word. Persone met Sielkunde as hoofvak vir die B.A.- of B.Sc.-graad, kan 'n onderwysloopbaan volg, kan in die afdeling Beroepsdienste van die Departement van Arbeid as Beroepsvoorligters of Beroepsraadgewers gaan werk, kan verskillende poste by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (Pretoria) of die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (Johannesburg), die Spoorweë of die Weermag se afdelings vir sielkundige dienste of verskillende poste by groot sake-ondernemings of nywerhede bekom.

Daar is 'n groot vraag na Maatskaplike Werksters met Sielkunde as hoofvak by die Departement van Volkswelsyn, die Barmhartigheidsdiens aan die N.G. Kerk, die S.A. Vrouefederasie, die Kindersorg- en Geestesgesondheidsvereniging en verskeie ander organisasies, inrigtings en ondernemings.

Vir diegene wat hul as Kliniese Sielkundiges wil bekwaam (hiervoor is 'n M.A.-graad en die voltooiing aan 'n internskap, bv. by Tara, 'n voorvereiste) wag daar eweneens interessante poste by verskillende groot organisasies en instellings. Sulke persone wat hul by die Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as Sielkundiges laat registreer (gewoonlik deur ondersteuning van die Sielkundige Instituut van die Republiek van S.A. of die S.A. Sielkundige Vereniging) kan natuurlik ook 'n eie private praktyk as Kliniese Sielkundige begin.

Inmiddels kan in hierdie verband opgemerk word dat die Departement Sielkunde en die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing van die P.U. vir C.H.O., tans voorbereidings trek vir die opleiding van Kliniese Sielkundiges wat vir registrasiedoeleindes deur die Sielkundige Instituut van die Republiek van S.A. en die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad aanneemlik sal wees.

3. NAGRAADSE STUDIE VIR DIE GRADE HONNEURS. B.A. of B.Sc.; M.A. of M.Sc.; D.Phil. of D.Sc.

3.1 Vir die honneursgrade word 'n diepgaande studie van die volgende vyf onderafdelings gemaak:

Sosiale Sielkunde of Pastorale Sielkunde
Psigopatologie (of Personeelbeheer)
Psigoterapie
Kindersielkunde (of Bedryfsielkunde)
Eksperimentele Sielkunde

Kandidate wat die B.A.- of B.Comm.-studierigting met Bedryf- en Personeelsielkunde as hoofvak volg, spits hul in die honneursstudie op Personeelbeheer en Bedryfsielkunde toe.

3.2 Die M.A.- of M.Sc.-eksamen bestaan uit twee mondelinge of skriftelike vraestelle en 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp.

3.3 Besonderhede vir die D.Phil.- of die D.Sc.-graad is van die Registrateur verkrygbaar.

1. INHOUD

In die vak Sosiologie word die gedragswyse en mense-verhoudinge in die samelewing waarin talle mense saamwoon, saamwerk, bymekaar kom om te gesels, om te speel ens. bestudeer. Hierdie saamlewe van mense om baie dinge te doen, geskied in die menslike samelewing wat op 'n ordelike wyse georganiseer is, d.w.s. in groepe wat elkeen 'n eiesoortige verskillende doel het. Wanneer mense dus in verskillende soorte groepe bymekaar is, is elke lid van so 'n groep se denke, gevoel en handeling daarop toegespits om daardie bepaalde doel vir so 'n groep ten uitvoer te bring. Wanneer mense in so 'n groep saamdink, saamvoel en saamhandel, volg sekere gebeurtenisse bv. die groep word ordelik saamgebind; deur die enkelinge se aktiwiteite word die groep in stand gehou wat dan ook die noodsaaklike voorwaarde is vir die voortbestaan van sulke groepe. Van die groep gaan dus 'n invloed op die lede daarvan uit, terwyl die lede weer op hulle beurt die groep vorm. Dis 'n proses van wisselwerking wat die gedragswyse van die enkelinge in 'n groep beïnvloed waardeur die verhoudinge tussen mense, tussen groepe en groepe en tussen mense en groepe in die wydste betekenis tot openbaring kom; selfs tussen groot volksgroepe, rassegroepe en kultuurgroepe.

Hierdie groepe met hulle gedragswyse, verhoudinge, handeling, gebeurtenisse en kultuur vorm die samelewing wat die studieterrein van die Sosiologie vorm.

Nou kan ook verstaan word dat die orde en struktuur in

die samelewing veral, toegespits word op daardie mensegroepe wat 'n min of meer konstante aard het soos veral die huwelik en gesin, die kerk, die staat, die skool en die bedryf waarop die Sosiologie sy aandag toespits vir studie in die praktyk van die lewe en die teorie.

Hierby kom ook nog sulke magte soos natuurwetenskap, tegnologie, godsdiens, opvoeding en onderwys wat die samelewing, die groepe, verhoudinge en kultuur beïnvloed deur sekere gebeurtenisse wat daardeur veroorsaak word, soos inflasie of natuurrampe.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Ander hoofvakkombinasies saam met Sosiologie

Sielkunde, omdat dit die gedraginge en handeling van die individu tot die groep bestudeer; maar ook Aardrykskunde en veral Sosiale Aardrykskunde of die Antropogeografie; of Geskiedenis.

2.2 Byvakke

Feitlik enige „sosiale” wetenskap kan as byvak vir Sosiologie dien, omdat almal (ook Sosiologie) te maak het met menslike verhoudinge, handeling en gebeurtenisse.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Vakke vir Matriek as beste vooropleiding in volgorde genoem: Geskiedenis, Ekonomie en Aardrykskunde (sosiale wetenskappe).

2.4 Werkgeleenthede

Die werkgeleenthede met Sosiologie as een hoofvak vir 'n graad is feitlik onbeperk.

Kombinasies: Sosiologie met Sielkunde - sakelewe, godsdiens, staatsdiens ens.;

Sosiologie met Sielkunde en Maatskaplike Werk - maatskaplike werkers of psigiatriese Maatskaplike Werk;

Sosiologie met Aardrykskunde - onderwys;

Sosiologie met Geskiedenis - onderwys;

Sosiologie met Verpleegkunde - verpleegstersberoep;

Sosiologie met Streeks- en Stadsbeplanning - streeks- en stadsbeplanners.

3. NAGRAADSE STUDIE

3.1 Inhoud

Die geskiedenis van groot oorgange in die samelewing word in oënskou geneem, bv. die Grieks-Romeinse tydvak, die Middeleeue en die moderne tyd. Die ontstaan van die Sosiologie met die vernaamste strominge, soos die biologiese, die geografiese, die sielkundige ens., gesien vanuit die standpunt van die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing, met insluiting van die grondslae en grondprobleme.

'n Prinsipieel-kritiese beskouing is van die grootste belang, omdat die Sosiologie belanghebbendes met die nodige ken-

nis toerus om die bevindinge van die Sosiologie op verskillende vakwetenskaplike terreine toe te pas.

Die Departement Sosiologie neem by die nagraadse studie individuele studente se belangstellingsrigting gedurig in aanmerking, sodat die navorsing hoofsaaklik daarop toegespits word.

3.2 Byvakvereistes

Om byvoorbeeld Godsdienssosiologie te bestudeer, vereis 'n redelike mate van kennis van die Teologie; vir die Ekonomiese Sosiologie is weer 'n redelike kennis van die Ekonomie noodsaaklik.

3.3 Aantal vraestelle

Vir die Honns. B.A.-eksamen word 4 vraestelle vereis; vir die M.A. twee vraestelle en 'n verhandeling en vir die D.Phil.-graad 'n proefskrif.

Nagraadse studie word sover moontlik toegespits op die werkkring waarin die student reeds staan. Origens lei dit tot 'n groot verskeidenheid beroepe want mense werk en arbeid orals saam in groepe.

3.4 Beurse

Die Universiteit en heelwat ander instansies stel beurse tot die beskikking van studente.

SPRAAKLEER EN DRAMA

1. INHOUD

Die departement Spraakleer en Drama bied drie kursusse aan.

1.1 Dramakunde I en II. Dit is nie 'n hoofvakkursus nie en kan net vir twee jaar geneem word. Dit word as 'n taalkursus gereken. Die doel van die kursus is om die drama as woordkunswerk en ook as verhoogstuk te ondersoek. Die geskiedenis van die drama en die teater deur die eeue word bestudeer en drama-opvoerings te Johannesburg word besoek en daarna krities bespreek. Dit is 'n goeie keuse vir 'n algemene kulturele agtergrond.

1.2 Spraak- en vertolkingskunde I, II en III.

Dit is 'n hoofvakkursus. Die studie is hoofsaaklik gerig op die gebruik van spraak as kommunikasiemiddel en die hardoplees of oordrag van letterkunde. Dit is wesenlik 'n persoonlikheidsvormende kursus. Omdat baie aandag gegee word aan die keuse en ontleding van die letterkundige woordkunswerk vir oordrag (voordrag), is dit eintlik ook 'n letterkundekursus. Elke student ontvang minstens een periode per week individuele onderrig in spraak- en vertolkingstegniek.

Hierbenewens is daar heelwat praktiese groepklasse waarin studente leer om te luister, om te beweeg en om te griem. Studente besoek ook die S.A.U.K.-ateljees te Johannesburg om mikrofoontegniek en spraak vir die radio te bestudeer.

1.3 Toneelkunde I, II en III

Dit is 'n hoofvakkursus. Studente leer in die kursus alles in verband met toneelspel en opvoerings. Die afrig van toneelstukke (regie) is 'n belangrike afdeling en so ook die tegniese aspekte van opvoerings bv. dekorontwerp, kostumering, beweging, grimering en beligting.

Kindertoneel d.w.s. toneelwerk op skole en speel-vir-kinders, maak ook deel uit van die kursus. Baie tyd word aan praktiese werk bestee. Studente ontvang ook individuele onderrig in toneelspel. Aangesien daar jaarliks twee vollengte opvoerings gedoen word, kry studente geleentheid om in aanbiedings te speel.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Hoofvakkombinasies

Spraak- en Vertolkingskunde: geen verpligte hoofvak nie, maar aanbevole vakke is Afrikaans-Nederlands of Engels of enige moderne Europese taal of Kunsgeskiedenis, Toneelkunde of Perswetenskap.

Toneelkunde: geen verpligte hoofvak nie, maar aanbevole vakke is Spraak- en Vertolkingskunde, Afrikaans-Nederlands of enige moderne Europese taal.

2.2 Byvakke

Spraak- en Vertolkingskunde: geen verpligte byvakke

nie, maar Dramakunde I en Toneelkunde I word aanbeveel en minstens een taalkursus op tweedejaarsvlak.

Toneelkunde: verpligte byvakke is Dramakunde II en Spraak- en Vertolkingskunde I. Aanbevole byvakke is een of albei landstale.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

'n matrikulasievrrystellingsertifikaat is nodig vir graadstudie, maar 'n diploma die „Universiteitsdiploma in Spraakleer en Drama" word ook aangebied en hiervoor is 'n universiteits-toelatingsertifikaat nie 'n vereiste nie.

2.4 Aanleg

Dramakunde is 'n teoretiese kursus en verg belangstelling maar geen besondere aanleg nie.

Spraak- en Vertolkingskunde is 'n teoretiese kursus met omtrent 50% praktiese werk. Benewens belangstelling in letterkunde en openbare redevoering, moet die student beskik oor 'n bruikbare stem en 'n mate van aanvoeling vir vertolking.

Toneelkunde is ook 'n teoreties-praktiese kursus. Die student moet benewens belangstelling vir die vak ook beskik oor 'n bruikbare stem, en aan geen liggaamlike gebreke ly nie. 'n Sterk mate van speeltalent is 'n vereiste. (Baie studente het sluimerende talente en moet dus nie onnodiglik ontmoedig word nie).

2.5 Beurse

'n Groot verskeidenheid beurse is beskikbaar. Verwys na die beursbrosjyre van die Universiteit.

2.6 Beroepe

Dramakunde: aanbeveel as byvak vir letterkundeonderwysers, toneelspelers, radio-omroepers en voornemende joernaliste.

Spraak- en Vertolkingskunde: onderwys, radio-omroeper, beroepstoneel, privaataateljeewerk, doseerwerk in die vertolkingskunde.

Toneelkunde: beroepstoneel, radio-omroeper (met Spraak- en Vertolkingskunde as tweede hoofvak), voornemende tydskrif- en koerantresensente, privaataateljeewerk, akademiese doseerwerk.

3. NAGRAADSE WERK

Die grade Honneurs-B.A., M.A. en D.Litt. kan in sowel Spraak- en Vertolkingskunde as Toneelkunde behaal word.

3.1 Vereistes vir Honneurs-B.A.

Daar is drie teoretiese vraestelle en een praktiese eksamen.

Die praktiese eksamen in Spraak- en Vertolkingskunde sluit in:

redevoering oor 'n onderwerp uit die studieveld;
'n kunsprogram (vertolking van poësie en prosa);
onderrig van leerlinge/studente in spraak en ver-
tolking en openbare redevoering.

Die praktiese eksamen in Toneelkunde sluit in:

openbare optrede; (
redevoering oor 'n onderwerp uit die studieveld;
afrigting van drie dramafragmente;
onderrig van studente/leerlinge in toneeltegnieke;
skerm en periodebeweging.

3.2 Vereistes vir M.A.

Een teoretiese en een praktiese vraestel.

3.2.1 Prakties in Spraak- en Vertolkingskunde

'n Vertolkingsprogram wat sal insluit:
kortverhaal;
vyf sonnette;
'n ode;
'n gedramatiseerde nommer (prosa of poësie);
deelname aan poësieprogramme;
uitwerk, afrig, en aanbied van 'n koorspraak nommer.

3.2.2 Prakties in Toneelkunde

Volledige bestudering, beplanning en aanbieding van
'n eenbedryf;
deelname aan radiodramas en hoorspele;
skryf van vyf toneelresensies.

'n Verhandeling oor 'n gekose onderwerp uit die studie-
veld.

3.3 Vereistes vir die Doktorsgraad

Toelatingsvereistes

'n mondelinge eksamen oor die hele studiegebied;
praktiese eksamen in
Spraak en Vertolkingskunde - 'n kunstenaarsprogram
van ongeveer twee uur;
Toneelkunde - die bestudering, instudering, en
aanbieding van 'n vollengte toneelstuk.

Eksamen

'n Proefskrif wat die resultate van die kandidaat se
studie en navorsing bevat.

4. DIPLOMAKURSUS

Benewens genoemde graadkursusse, kan 'n kandidaat ook

die Universiteitsdiploma in Spraakleer en Drama behaal. Geen universiteitstoelatingcertifikaat is hiervoor nodig nie.

Die kursus duur drie akademiese jare.

Verpligte vakke: Dramakunde I en II

Spraak- en Vertolkingskunde I, II en III

Toneelkunde I, II en III

en nog drie ander kursusse uit 'n verskeidenheid van vakke soos in die jaarboek aangedui.

STAATSLEER

1. INHOUD

Die Staatsleer as vakwetenskap bied die geleentheid tot studie van staatkundige aangeleenthede en politieke vraagstukke.

Om die inhoud en aard nader aan te dui, kan die hoofafdelings van die vak genoem word. Dit is die volgende:

die staatsfilosofie wat die vraagstukke i.v.m. die eie-aard van die staat ontleed, byvoorbeeld sy bestaansrede en taak, gesag en verhouding tot ander instellings;

die organisasie van die staat, wat sake soos die parlement, kabinet, regbank, staatsdiens, provinsiale en plaaslike bestuur insluit;

die politieke dinamika wat die partywese en verwante sake bestudeer;

internasionale betrekkings, d.w.s. die verhouding van die staat tot ander state.

2. VOORGRAADSE OPLEIDING

2.1 Hoof- en byvakke

Die Staatsleer is een van die sogenaamde „sosiale we-

tenskappe". Verwante vakke waarin ook aspekte van die menslike samelewing bestudeer word, is die volgende (in alfabetiese volgorde):

Aardrykskunde, Ekonomie, Geskiedenis, Kultuurkunde, Maatskaplike Werk, Naturelleadministrasie, Perswetenskap, Sosiologie, Regsvakke, veral Staatsreg, Volkereg en Regsfilosofie, Volkekunde, Wysbegeerte.

Hierdie vakke, en in die besonder Geskiedenis, Wysbegeerte, Staatsreg en Volkereg, Ekonomie en Naturelleadministrasie, is nuttige vakke vir 'n studie van die Staatsleer. Die omgekeerde is ook waar, sodat studente wat bogenoemde vakke bestudeer, met vrug een of meer kursusse in Staatsleer in hulle leer-gange kan insluit.

2.2 Skoolopleidingsvereistes

Daar is geen bepaalde voorvereistes wat skoolvakke betref nie, maar t.o.v. agtergrondkennis en algemene wetenskaplike vorming kan vakke soos Geskiedenis, Aardrykskunde en Ekonomie 'n nuttige bydrae lewer.

2.3 Aanleg

Die belangrikste vereiste vir welslae in die studie van Staatsleer is belangstelling in „sake van die dag" op politieke, internasionale, sosiaal-ekonomiese en verwante terreine.

2.4 Beroepskundige Waarde

Op grond van die belangrike rol wat die staat vandag speel asook die deskundige aard van sy werksaamhede, is kennis van die Staatsleer van belang vir persone werksaam in:

die diplomatieke diens, die staatsdiens, die provinsiale administrasies en plaaslike besture;
maar ook vir beroepsvelde soos die joernalistiek, staatsinligtingsdiens en radio.

Dit is ook van belang vir politici, gemeenskaps- en kultuurleiers; regsgeleerdes, ekonome en maatskaplike werkers; predikante, onderwysers en bibliotekaris; alle landsburgers en almal wat die huidige tyd en wêreldomstandighede wil verstaan.

2.5 Vormende Waarde

Belangriker nog as die beroepskundige waarde is die algemene vorming en intellektuele verruiming wat 'n studie van die Staatsleer bied. Dit werp naamlik lig op sulke aktuele sake soos die oorheersende rol wat die staat op talle lewensgebiede in die twintigste eeu speel, en daardeur kom van die belangrikste vraagstukke van ons tyd binne sy studieveld; ook ons eië landsvraagstukke en die posisie van die Republiek in die huidige wêreld.

Vir 'n begrip van die tyd en die wêreld waarin ons leef, is 'n studie van die Staatsleer dus uiters waardevol -

selfs onontbeerlik, veral in die lig van ons dringende behoefte aan voorligting op staatkundige gebied en leierskap in die openbare lewe.

2.6 Die Sentrum vir Internasionale Politiek

Suid-Afrika verkeer tans in die branding van die internasionale politiek. Die Sentrum as afdeling van die Departement Staatsleer bied die geleentheid vir studie, voorligting en navorsing op dié gebied deur middel van:

'n goeie versameling studie- en navorsingsmateriaal;
die maandelikse nuusbrief, Die Wêreld in Oënskou, en ander publikasies;
gereelde seminare, simposia en ander byeenkomste vir die bespreking van aktuele internasionale aangeleenthede;
voordragte deur besoekende geleerdes.

3. NAGRAADSE STUDIE

Die leerstof en vereistes vir die verskillende grade is soos volg:

3.1 Honneurs-B.A.

Vier vraestelle oor die hoofafdelings van die Staatsleer:

Staatsfilosofie;

Staatsregtelik-'n vergelykende studie van drie konsti-

tusies;

Politieke dinamika, met besondere aandag aan die politieke partywese;

Internasionale betrekkings en internasionale politiek.

3.2 M.A.

Twee vraestelle oor voorgeskrewe afdelings van die Staatsleer, en 'n verhandeling.

3.3 Doktorsgraad

'n Proefskrif.

Waar moontlik word die beroep, persoonlike behoefte en belangstelling van die student in ag geneem sodat die opleiding en navorsing (vir die verhandeling of proefskrif) daarby aangepas word.

4. Persone wat in die reël vir nagraadse studie in Staatsleer inskryf, sluit in: onderwysers, staatsamptenare, spoorwegamptenare, radio-omroepers en -nuusmanne, joernaliste, prokureurs, ens. Dat soveel persone dié studierigting kies, terwyl dit nie in direkte verband met hulle beroep staan nie, is 'n bewys dat gemeenskapsleiers en roepingsbewuste landsburgers wat kennis van die verskynsels van ons tyd en die probleme van ons land nastreef, hulle as 't ware vanself tot die Staatsleer aangesetrokke voel, want dis die vak wat hom by uitstek met hierdie sake besig hou.

VERPLEEGKUNDE

1. INHOUD

Binne die bestek van die B.A.-graad met Verpleegkunde as hoofvak, word volledige opleiding vir verpleegsters gegee. Die Verpleegstersraad het ook volwaardige erkenning aan hierdie opleiding verleen.

Naas Verpleegkunde, word die studenteverpleegster ook nog goed onderlê in ondersteunende vakke, veral Sosiologie en Sielkunde.

By die opleiding aan die Universiteit sal die studenteverpleegster daardie verdieping van insig en verbreding van belangstelling ondergaan wat eie is aan die akademiese opleiding en atmosfeer. Voeg hierby die onskatbare vormende waarde van die studentelewe waaraan die verpleegsterstudent ook 'n aandeel sal hê!

Verpleegkunde self is 'n 4½-jarige hoofvak wat teorie sowel as praktiese werk insluit. Hiermee saam neem die student Sielkunde of Sosiologie as tweede hoofvak vir drie jaar, en verder Sielkunde of Sosiologie (die vak wat nie as tweede hoofvak gekies is nie) vir twee jaar. Sielkunde III is egter 'n vereiste indien 'n student later wil inskryf vir die meestersgraad in Psigiatrisiese Verpleegkunde.

Die B.A.-graad in Verpleegkunde is 'n geïntegreerde graad van Algemene, Verloskundige en Psigiatrisiese Verpleegkunde.

Dit beteken dat die student wat die kursus voltooi het, ten opsigte van al drie rigtings gekwalifiseer is en as sulks by die S.A. Verpleegstersraad geregistreer word.

2. INSKRYWING

Studente skryf aan die begin van Februarie by die Universiteit in. Toelatingsvereistes is:

'n matrikulasiesertifikaat of 'n matrikulasievrys-
telingsertifikaat, uitgereik deur die Gemeenskaplike
Matrikulasieraad;

bewys van inskrywing as leerlingverpleegster by die
Potchefstroomse Algemene Hospitaal; en

'n bevredigende mediese sertifikaat.

(Vorms t.o.v. laasgenoemde twee vereistes is verkryg-
baar by die Registrateur, P.U. vir C.H.O.).

3. OPLEIDING

Die kursus word aangebied deur die Potchefstroomse
Universiteit vir C.H.O. in samewerking met die algemene hospitale
van Potchefstroom en Klerksdorp en die psigiatrie inrigtings
Witrand, Sterkfontein en Tara.

Kandidate word as leerlingverpleegsters by die hospita-
le te Potchefstroom en Klerksdorp ingeskryf waar praktiese op-
leiding in Algemene en Verloskundige Verpleging plaasvind - die
eerste twee jaar te Potchefstroom en die laaste twee jaar te

Klerksdorp. Praktiese opleiding vir Psigiatriese Verpleegkunde vind aan die einde van die kursus by een of meer van die psigiatriese inrigtings hier bo genoem, plaas.

Lesings in akademiese vakke word deur die personeel van die Universiteit gegee. Lesings in Verpleegkunde en alle praktiese onderrig en demonstrasies word deur 'n lektrise van die Universiteit in samewerking met hospitaalpersoneel gegee.

4. PROSEDURE VIR TOELATING

Alle aansoekvorms om toelating is by die Registrateur van die P.U. vir C.H.O. verkrygbaar. Voltooide aansoeke moet by die Registrateur ingedien word, verkieslik voor 15 November, maar aansoeke sal nog oorweeg word tot 31 Desember.

5. KEURING

Alle applikante word deur 'n spesiale komitee gekeur. Die aantal kandidate wat tot die kursus toegelaat word, word deur die provinsiale owerhede bepaal.

Applikante moet elke jaar gedurende Januarie by die Potchefstroomse Hospitaal aanmeld. Daar sal hulle die geleentheid gebied word om met die praktiese werk in die hospitaal kennis te maak, om die paramediese afdelings te besigtig en verskeie hospitale te besoek.

6. VOORGESKREWE LEERGANG

Die leergang vir die B.Å.-graad in Verpleegkunde strek oor 4½ jaar en is uit die volgende kursusse saamgestel:

- Eerste jaar: Verpleegkunde I
Sielkunde I
Sosiologie I
Fisiologie I
Interfakultêre Wysbegeerte I (Een periode per week)
Praktiese werk
- Tweede jaar: Verpleegkunde II
Sielkunde II
Sosiologie II
Mikrobiologie IA (halwe kursus)
Farmakologie A (halwe kursus)
Interfakultêre Wysbegeerte II (Een periode per week)
Praktiese werk
- Derde jaar: Verpleegkunde III
Sielkunde III of Sosiologie III
Interfakultêre Wysbegeerte III (Een periode per week)
Praktiese werk
- Vierde jaar: Verpleegkunde IV
Praktiese werk
- Laaste halwe jaar: Voortsetting van Verpleegkunde IV

7. PRAKTIESE WERK

Die praktiese werk gedurende die eerste drie jaar sal hoofsaaklik uit voldae van 8 uur elk bestaan met uitsonderings waar die student vier uur praktiese werk per dag sal doen wat dan as 'n halfdag getel word.

Gedurende die vierde en laaste halwe jaar verrig die studente voltydse aaneenlopende diens by 'n hospitaal, dit wil sê 48 uur per week. Gedurende Universiteitsvakansies, alternatiewe naweke en publieke vakansiedae word voltyds in die sale verpleeg.

Minstens ses maande en hoogstens nege maande nagdiens sal gedurende die 4½ studiejare gedoen word; met dien verstande dat dit nie langer as drie maande aaneen gedoen word nie.

8. BEURS

Elke studenteverpleegster ontvang van die Transvaalse Provinsiale Administrasie 'n beurs. Die beurs van R1320 x 120 - R1680 per jaar is so ruim dat alle koste in verband met losies, studiegeld en boeke daarmee gedek kan word.

9. HUWELIK

Dit is treffend om te weet dat in die verpleegstersberoep, 'n dame nie haar status of voordele verbeur wanneer sy in die huwelik tree nie. Sy behou haar permanente betrekking tesame met al die voordele van haar beroep.

10. NAGRAADSE STUDIE

Studente wat die B.A.-graad in Verpleegkunde verwerf het, kan, nadat hulle aan sekere voorwaardes voldoen het, inskryf vir die meesters- en doktorsgraad in Verpleegkunde.

Verder navrae kan gerig word aan:

Die Registrateur

P.U. vir C.H.O.

Potchefstroom

VOLKEKUNDE

1. INHOUD

Soos die naam aandui, hou hierdie vak hom besig met die studie van volke, hulle lewenswyse en kulture, hoe dit daar uitgesien het in die verlede, hoe dit vandag is en hoe dit verander.

Dit behels hulle daaglikse lewe, hulle verwantskapstelsels, godsdiens, politieke en regsorganisasie, inisiasie-, huweliks-, reën- en ander seremonies en gebruike.

Om bepaalde redes val die nadruk op die sg. primitiewe volke, maar die vak sluit in beginsel die studie van alle volke in.

In die kursusse van die P.U. vir C.H.O. word die aandag grotendeels toegespits op die volke van Afrika, en daaronder veral weer die Bantoevolke van Suid-Afrika. Maar die leergange sluit ook inleidende studie met betrekking tot die Australiese, Oseaniese en Amerikaanse inboorlinge in.

2. VOORGRAADSE STUDIE

2.1 Hoofvakke en byvakke

Volkekunde word as hoofvak vir die B.A.-graad geneem of as byvak, saam met ander B.A.-hoofvakke.

Dit kan met feitlik enige vak gekombineer word, maar veral met Naturelleadministrasie, Bantoetale, Geskiedenis, Aardrykskunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Perswetenskap of Wysbegeerte. Dit vorm ook 'n goeie kombinasie met ander tale en veral ook met Staatsleer en Ekonomie en selfs met Kuns, Musiek, Bybelkunde en Verpleëgkunde.

2.2 Voorvereistes

As universiteitsvak het dit geen bepaalde voorvereistes sover dit skoolvakke betref nie, maar Volkekundige Studies, Geskiedenis, Aardrykskunde en tale sal 'n goeie agtergrond verskaf.

2.3 Werkgeleenthede en waarde

Die studie van hierdie vak verskaf in die allereerste plek 'n belangrike algemene vorming ten opsigte van bevolkings-, rasse- en nasionaliteitsvraagstukke en -verhoudinge vir die gewone burger(-es), die werkgewer, amptenaar en die voornemende politikus en vir almal wat 'n leidende rol in die Suid-Afrikaanse samelewing gaan speel.

Dit is belangrik en waardevol by die studie van Geskiedenis, Staatsleer, Aardrykskunde; Griekse, Romeinse, Oosterse, Germaanse en Afrikaanse kultuurgeskiedenis; Bantoetale e.d.m.

In bepaalde kombinasies lei dit ook tot profytlike beroepe en werkgeleenthede, soos die onderwys, staatsdiens (bv.

Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Bantoe-onderwys, inligting en diplomatieke diens, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Radio-Bantu, munisipaliteite, die Raad vir Buitestedelike gebiede en die Hervestigingsraad; maar bied ook loopbane by ondernemings met groot getalle Bantoeowerknemers en in museums (vir die Volkekundige afdelings daarvan).

Kennis van Volkekunde is uiteraard belangrik vir alle predikante in Suid-Afrika, maar onontbeerlik vir sendingleraars. Nagraadse studie kan lei tot akademiese poste aan Suid-Afrikaanse universiteite.

Daar kan op die oomblik eintlik nie voorsien word in die aanvraag na Volkekundig-gekwalfiseerde persone, manlik sowel as vroulik nie.

2.4 Besondere aspekte

In die nuwe Letteregebou is vir hierdie Departement o.a. voorsiening gemaak vir 'n ruim volkekundige museum waarin die bestaande versameling uitgestal en tot sy reg kan kom. Die Departement beskik reeds oor ruim illustrasiemateriaal in die vorm van gebruiksvorwerpe, foto's, skyfies en kaarte wat gereeld in klasse, o.a. met behulp van 'n epidiaskoop, oorhoofse projektor en skyfieprojektor, ter opheldering van lesings aangewend word. Daarby besit die Departement 'n voertuig wat gebruik word vir studietoere, terwyl eerstejaarstudente gewoonlik oor 'n lang naweek per bus op 'n besigtigingstoer geneem word na een of ander Bantoegebied.

3. NAGRAADS

Die gewone nagraadse kursusse, nl. Honns.-B.A., M.A. en D.Phil. kan gevolg word : vier vraestelle vir Honns.-B.A. oor besondere volke/kulture en/of kulturaspekte;
twee vraestelle en 'n verhandeling vir M.A.; en
'n proefskrif vir D.Phil.

4. DIPLOMAS

'n Voor- en 'n nagraadse diploma word tans in Bantoe-kunde aangebied. Hierin word die studie toegespits op die Bantoe-volke van Suid-Afrika en word in 'n aantal vraestelle waaruit 'n keuse gedoen mag word aspekte behandel soos die Bantoeskiedenis, taal, musiek, godsdiens, materiële kultuur, ekonomiese lewe, regspraak en politieke stelsels, die Bantoe se aanraking met die Westerse kultuur e.d.m. Die nagraadse diploma word vir salaris-doeleindes gelykgestel met 'n Honns.-graad. Albei is van besondere waarde vir sendelinge, amptenare van Staatsdepartemente, landboubeamptes, personeel van Radio-Bantu, kampongbestuurders, joernaliste, ens. ens.

WYSBEGEERTE

1. INLEIDING

„Onbekend maak onbeminde". Hierdie spreekwoord is veral waar, op akademiese vlak, ten opsigte van die Wysbegeerte, veral omdat dit nie 'n skoolvak is nie. Dit is dan ook slegs 'n baie klein persentasie leerlinge wat ooit in hulle lewe akademies met die vak te doen kry. Sommige neem Wysbegeerte op universiteit omdat hulle daartoe op een of ander wyse verplig word, maar dan gaan die bywoning gewoonlik gepaard met al die weerstand wat sodanige verpligting bewerkstellig. Etlikes maak kennis met die vak uit blote nuuskierigheid - daardie stimulant wat lei tot ware studie uit liefde. Hierdie onbekende vak wil ons graag aan u bekend stel en dan sodanig dat dit ten minste u nuuskierig sal maak.

Laat ons dit egter dadelik aan u stel: Wysbegeerte is geen brood-en-botter-vak nie, m.a.w. dit lei nie op vir 'n bepaalde beroep nie. Die enigste plek waar u daarmee u brood en botter kan verdien, is as u dosent daarin aan 'n universiteit word. En tog is dit 'n vak wat eintlik in elke beroep meê spreek, juis omdat dit die onmisbare algemene vorming vir elke roeping op aarde gee. Wat presies word hiermee bedoel? Om dit te verstaan moet ons iets meer van die vak aan u meedeel. Daarom behandel ons vervolgens die vak self.

2. INHOUD

As u die Universiteit se Jaarboek deurblaai, sal u opmerk dat die akademiese werksaamhede verdeel word in 6 verskil-

lende fakulteite. Elkeen van hierdie fakulteite het 'n aantal departemente en elke departement doseer 'n spesifieke vak. Wat presies is sodanigé vak? Ons sou kon sê dat die akademie hom daarop toespits om die aardse skepping te bestudeer. Om dit te kan doen word hierdie skepping opgedeel in selfstandige en eiesoortige velde van ondersoek wat elkeen van elke ander verskil, anders sou twee of meer wetenskappe miskien dieselfde veld van ondersoek hê waardeur van hierdie wetenskappe oorbodig sou gewees het.

Hierdie onderverdeling gaan steeds voort en nuwe wetenskappe maak sodoende hulle verskyning op die leerplan van die universiteit. Alhoewel hierdie vakke en velde akademies geïsoleer word vir studiedoeleindes, is hulle in die werklikheid nie geïsoleer nie, maar hang altyd ten nouste saam en vorm sodoende die heelal of kosmos.

Hierdie samehangende verskeidenheid of heelal of kosmos kan egter ook 'n veld van ondersoek vir 'n wetenskap wees. Trouens dit is juis die veld van ondersoek vir die Wysbegeerte.

Wat gaan u besondere veld van ondersoek op universiteit wees, wat gaan u spesialisasiegebied word? Dit gaan bepaal word deur die roeping waartoe u u geroepe voel! Wat is die plek van u spesialisasiegebied en van u veld van ondersoek in die ry van die spesialisasiegebiede en die velde van ondersoek en hoe hang u veld saam met al die ander in die heelal? Dit sal daardie wetenskap vir u vertel wat die kosmos as geheel as veld van ondersoek het!

In u vorming vir u roeping het u dit nodig om u roeping in samehang met al die ander roepinge tot eer van God te kan vervul. Die wysbegeerte wil dus nie spesialiseer nie, wil nie slegs die besondere ondersoek nie, maar wil in dié sin algemene vorming gee dat dit die heelal ondersoek en dat dit die ruimte wil bied wat deur spesialisasie aan u ontsê word. Toegespits op u menswees wil dit u sô vorm dat u u plek kan volstaan in u roeping op aarde in die samelewing van mense binne die milieu waarheen God u roep om u bestemming op aarde te vervul.

Maar dan is dit vir die Wysbegeerte ook nodig om spesifiek aandag aan u menswees te bestee. Daarom sal die Wysbegeerte nie slegs die werklikheid probeer verklaar nie, maar ook aan u eie bestaan as deelwees van die werklikheid aandag gee. Wie en wat is die mens, vorm belangrike vrae in die Wysbegeerte wat geantwoord moet word. Maar die mens is nie 'n masjien nie.

In die proses van geboorte tot dood is hy besig om 'n werklikheidsbeskouing op en uit te bou en hierdie werklikheidsbeskouing speel 'n deurslaggewende rol in sy lewe. Ook hieroor moet wetenskaplik besin word - dit moet ook verdieping ondergaan want hierdeur word die student tot volwassenheid opgevoed. Hieraan sal die Wysbegeerte grootliks meedoen, juis omdat dit die werklikheidsvisie tot 'n werklikheidsleer moet ombou. Aan die P.U. vir C.H.O. sal dit dan hoofsaaklik die vorming van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing wees waarin ons u tot volwassenheid wil lei.

Op die universiteit is u met studies besig. U wil u

veld van ondersoek, wetenskaplik leer ken. Maar wat is kennis en hoe kom die mens daartoe? Om u self te ken moet u dus ook hieraan aandag gee. Vandaar dat die teorie omtrent menslike kenne 'n inherente deel van die Wysbegeerte uitmaak. En die kenteorie sluit verder in 'n studie van die metodes wat gebruik word om die veld te leer ken sowel as 'n besinning op wat wetenskap as sodanig is. Die wetenskapsleer en metodologie is nodig om u dus dieper te laat kyk na u eie veld van ondersoek en na sy plek in die ry van die wetenskappe.

Hiermee is die inhoud van die Wysbegeerte nie uitgeput nie. As u maar daaraan dink dat u tans skolier is en saam met ander skoliere en onderwysers binne die skool saamleef, dat u verder kind in u ouerhuis is; dat u doop- of belydende lidmaat in u kerk is en dat u stemgeregtigde of nog nie stemgeregtigde burger van Suid-Afrika is, dan besef u dat die hele samelewing van mense 'n magtige veld van ondersoek binne die heelal vorm. Die samelewingsleer vorm dan ook 'n inherente deel van die Wysbegeerte. Daar is nog baie ander fasette van die werklikheid wat ook deur die Wysbegeerte bestudeer word, te veel om hier op te noem.

Ons generasie is egter nie die eerste en enigste wat oor hierdie dinge nadink en dit bestudeer nie. Die Wysbegeerte is die oudste van alle wetenskappe, en die Westerse beskawing spog met ten minste 25 eeue van Wysbegeerte. Wat het die ander mense voor ons oor hierdie dinge te sê gehad en wat kan ek van hulle leer? Dit bring die aktualiteit van die Geskiedenis van die Wysbegeerte skerp na vore en die noodsaaklikheid om ook daarvan kennis te neem. As 'n mens met 'n aktuele probleem besig is,

is 'n bad in die Geskiedenis altyd verfrissend, want dan leer ons wat ander oor die saak te sê gehad het en uit hulle oplossing kan ons baie vir ons eie put.

3. OPLEIDING

Universitêre opleiding word gewoonlik van primêre en sekondêre onderwys onderskei as filosofiese onderwys. Die plek van wysgerige opleiding aan universiteite blyk ook uit die naam van ons oudste fakulteit nl. die Fakulteit vir Lettere en Wysbegeerte. Vandaar ook die moontlikheid wat aan u gebied word binne hierdie fakulteit om Wysbegeerte met enige ander vak te kombineer en as hoofvakke aan te bied.

Selfs as u dit as byvak neem, kan u dit nog in haas elke ander rigting binne die fakulteitsgrense neem mits daar nie roosterbotsings voorkom nie. Deur sommige ander fakulteite is ook reeds die moontlikheid geskep vir hulle studente om Wysbegeerte te kan neem. Ons dink hier o.a. aan die Fakulteit vir Regswetenskappe.

Alle fasiliteite is tot u beskikking om op nagraadse vlak u verder te bekwaam in die Wysbegeerte tot en met die doktorsgraad. Kennis van moderne en klassieke tale kom baie handig in, veral op nagraadse vlak.

Behalwe Grieks en Latyn wat vir detailstudie van die Oudheid en die Middeleeue onontbeerlik is, is leeskennis van Duits en Frans vandag baie nodig vir 'n grondige studie van die moderne en huidige strominge in die Wysbegeerte.

U moet Wysbegeerte as hoofvak neem om op nagraadse vlak daarmee te kan aangaan.

4. SLOT

U is baie welkom om nader te kom kennis maak en daardeur te deel in die rykdom van die wyses. Ons sal graag bydra om van u te maak „a wise man of culture, capable of the scientific method" soos 'n bekende filosoof universitêre opleiding sien.